


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 10, No. 3

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2010 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Kan u bewys wat u glo?

Die meeste mense gaan selfvoldaan deur die lewe met idees en oortuigings wat hulle nooit **bewys het nie!** Dit mag nie te gevaarlik wees wanneer dit menings behels oor sportspanne, of oor wie die wêreld se grootste politikus was, die mooiste aktrise of dinge van soortgelyke aard nie.

Wanneer dit egter 'n mens se ewige lewe raak – wanneer dit die hele **doel** vir menslike bestaan raak – dan moet ons liewer absoluut **seker** wees van ons oortuigings. Dan moet ons werklik bo alle twyfel **bewys** wat ons glo!

Ek onthou nog goed hoe ek in 'n klein Midwesterse stad grootgeword het. My gesin was oor die algemeen gemiddeld. Pa, Ma, Patty, Kathryn en ek was die gesin – ek was die oudste kind. Ons het een van die grootste en mees gerespekteerde “hoofstroom” kerke bygewoon. My ouers het altwee gegradueer by 'n klein kollege in die vrye kunste wat deur ons kerk geborg was. Hulle was baie toegewyd aan die kerk, hoewel nie op 'n uitgesproke of fanatiese maniere nie.

Sommige van my vroegste herinneringe sluit die viering van Kersfees in. Aan my en my susters was vertel dat Sinterklaas die nag voor Kersfees deur die skoorsteen sal “sluip” om vir ons geskenke te bring. Dit was 'n opwindende tyd – baie geskenke, 'n groot familie-ete en geen

skool!

Daarna het ons geleer dat die “Paashaas” eiers sou lê en ons moes die Paassondagoggende die hele huis daarvoor deursoek. Later is aan ons vertel dat Christus op Paassondag uit die dood opgestaan het, maar ons aandag was verseker nie daarop gefokus nie.

In die Sondagskool het ons kaarte van die Heilige Land geteken en die “Onse Vader”-gebed asook 'n paar sentimentele verse gememoriseer. Ons is die “Onse Vader” geleer, maar daar is nooit aan ons verduidelik wat beteken “laat u koninkryk kom” nie, ook nie die belangrike uitdrukking, “laat u wil geskied, soos in die hemel net sook **op die aarde**” nie.

Ons is veel eerder geleer dat indien ons oor die algemeen “goeie” seuns en dogters is, ons “hemel toe sal gaan” wanneer ons tot sterwe kom. Natuurlik was Jesus Christus se duidelike stelling: “... **niemand** het opgevaar in die hemel nie” (Johannes 3:13), nooit bespreek nie. Daar was verseker ook nooit enige bespreking aangaande die dosyne Skrifgedeeltes wat duidelik beskryf dat dit die Christen se **doel** is om Christus by te staan om oor hierdie aarde te regeer nie – soos in 1 Korinthiërs 6:2-3: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?”

Die lieue ou tantetjie wat vir ons Sondagskool gegee het, het ons baie maal vertel – soos ander dit ook later gedoen het – dat Jesus gelykenisse gebruik het om dit wat Hy hulle geleer het, meer verstaanbaar te maak. Klaarblyklik was die lieue tante – soos honderde opregte predikante en onderwysers – onbewus van Jesus se direkte verduideliking van hoekom Hy in gelykenisse gepreek het. “Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse, sodat hulle kan kyk en kyk, en **nie** sien nie; en hoor en hoor, en **nie** verstaan nie, dat hulle hul nie miskien bekeer en die sondes hulle vergewe word nie” (Markus 4:11-12).

U mag maar uitroep: “Het Jesus dan nie probeer om elkeen te red nie?”

Nee, Hy het **nie**, so vreemd as wat dit mag voorkom. Hy het self gesê: “**Niemand** kan na My toe kom **as** die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag” (Johannes 6:44). Dan, om dit te beklemtoon, herhaal Jesus in hoofsaak daardie skokkende stelling: “Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat **niemand** na My toe kan kom **as** dit hom nie deur my Vader gegee is nie” (vers 65).

Dit, my vriende, is **waarom** die meeste mense op aarde nog nooit enige soort van Christene was nie – en ook nie nou is nie. Slegs ongeveer ’n derde van die

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Kan u bewys wat u glo?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Finansiële sekuriteit en seëninge 3

Die grootste deel van die wêreld gaan nou gebuk onder die grootste finansiële resessie sedert die Groot Depressie van 1929-39.

Bewys die Bybel 8

Koning Salomo het geskryf: “... aan baie boeke maak kom geen einde nie” (Prediker 12:12). Daar is egter een boek wat belangriker is as al die ander.

Dink die ondenkbare? 13

Die Britse historikus Niall Ferguson het ’n kommerwekkende waarskuwing vir Amerika.

Die Gees van Pinkster 16

Voel u God se Gees in u lewe bring verandering te weeg? Kan u gevul word met dieselfde Gees van Pinkster as Christus se eerste dissipels? Ja, u kan!

Doop: Ritueel of vereiste? 20

Het u al ooit gewonder of doop werklik belangrik is vir ware Christene?

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besigheidsbestuurder

J. Davy Crockett, III

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Finansiële sekuriteit en seëninge

Deur Roderick C. Meredith

Die grootste deel van die wêreld gaan nou gebuk onder die *grootste finansiële resessie* sedert die Groot Depressie van 1929-39. Miljoene mense in Amerika, Kanada en Brittanje [en Suid-Afrika] sit sonder werk. Dit is moeilik om nuwe werk te kry. Die finansiële vooruitsig is voorwaar droewig.

Waarom?

Waarheen is ons op pad? Wat is die enigste *werklike* oplossing vir ons mense – vir u, persoonlik – in die jare wat binnekort voorlê? Eerlikwaar, as ons slegs na alles “rondom” ons kyk – die fisiese omstandighede en finansiële aanduidings wat ons omring – sal ons nie die kern begryp nie. Aangesien hierdie finansiële beproewings en toetse deel is van 'n Geheelbeeld – deel van die voortgaande **doel** wat deur ons Skepper uitgewerk word. Soos Sir Winston Churchill op 26 Desember 1941 aan 'n gesamentlike sitting van die Amerikaanse Kongres gesê het: “Ek moet sê dat dit voorwaar 'n blinde siel moet wees wat nie kan sien dat dit 'n groot **doel** en *plan* is wat hier op aarde uitgewerk word en waarvan ons die eer het om die getroue diensknegte te wees nie”. Nogtans, hoewel sy woorde daarop sinspeel dat 'n Oppermag in beheer is van dit wat uitgewerk word, was Sir Winston self *nie geroepe* om die einste doel waarna hy verwys het, te verstaan nie.

Ons hoop verseker dat u wat hierdie artikel lees, **wel verstaan!**

Indien u aan uself bewys het dat 'n **ware** God – 'n almagtige persoonlike God met absolute mag en intelligensie – werklik bestaan, dan kan u begin verstaan. *Indien* u ook aan uself bewys het dat die Heilige Bybel *werklik* deur daardie grote God *geïnspireer* is, lees dan verder! Aangesien die God van die Bybel duidelik aantoon dat indien Sy eie mense hulle *van Hom af wegkeer*, hulle dan fisies sowel as finansiëel sal swaarkry. Ons het dit al baie keer in die *Wêreld van Môre*-tydskrif verduidelik. Die Anglo-Saksiese mense van Amerika en die nasies van Britse afkoms is verseker deel van die “Verlore Tien Stamme” van Israel. Dus voorspel die geïnspireerde woord van God duidelik dat wanneer hierdie nasies “aan die einde van die dae” van God af sal wegdraai, hulle **geweldige** strawwe sal verduur. Die groot rykdom wat **God aan hulle gegee** het, sal weggeneem word. Afsonderlik sal hierdie eensgeseënde volke *verneder word* en grootliks **verootmoedig** word op so 'n kragtige wyse soos wat hulle nog nooit voorheen ervaar het nie.

In 'n geïnspireerde waarskuwing aan ons voorvaders – wat sekerlik 'n *tweeledige* toepassing het en *dus ook op ons vandag betrekking*

het – sê God: “Maar as jy nie luister na die stem van die *HERE* jou God, om sorgvuldig te hou *al sy gebooie* en *sy insettinge* wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld. Vervloek sal jy wees in die mandjie en jou baks-kottel. Vervloek sal jy wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land, die aandeel van jou beeste en die aandeel van jou kleinvee” (Deuteronomium 28:15-18). Hierdie profesie behels ooglopend nasionale en individuele **rampe** vir die mense wat nalaat om gehoorsaam te wees aan hul Skepper!

Later waarsku God in dieselfde profesie: “Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jy sal laer en laer afsak. Hy sal aan jou leen, maar jy sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees” (verse 43-44).

Soos u weet indien u die nuus gevolg het, tot omtrent 20 jaar gelede was Amerika die wêreld se rykste nasie en die wêreld se grootste uitlener. Nou is Amerika die wêreld se grootste **skuldenaar** – met 'n nasionale skuld wat **biljoene** dollars bedra! Nasies soos China, Japan en Duitsland besit nou die *meeste* van Amerika se skuld. Indien hulle oormatig uitgedaag word, kan hulle *Amerika* in 'n baie kort tydjie ekonomies *vernietig!*

“Luister” na die Bybel!

God se woord is **kragtig!** *Ons het dit ook nodig om daarna te luister.* God sê aan ons: “Die ryke heers oor die armes, en hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen” (Spreuke 22:7). Op meer as een manier sal ons binnekort die “dienaars” wees van die einste nasies aan wie ons tallose **miljarde** dollars skuld!

Weereens, *waarom?*

God se geïnspireerde Woord antwoord: “En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, **omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy *gebooie* en sy *insettinge* wat Hy jou beveel het, **te hou nie**” (Deuteronomium 28:45).**

Namate ons Skepper nou meer as ooit tevore begin ingryp in hierdie wêreld se sake, namate ons geliefde nasies grond toe gebring word as gevolg van ons opstand teen God en Sy geïnspireerde Woord, sal ons nasionaal of individueel werklik gewillig wees om te “luister” na ons Skepper en **ag te slaan** op Sy opdragte?

Luister! Die God van die Bybel *wil hê* dat *ons* 'n goeie lewe en redelike voorspoed moet geniet. God se eie Seun het gesê: “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê” (Johannes 10:10). Die geïnspireerde Griekse woord wat hier as “oorfloed” vertaal is, beteken eintlik 'n *vol* en *oorvloedige* bestaan. Ware Christene sal sekerlik *nie* almal

miljoenêrs word nie! Ons Vader in die hemel het egter oor en oor **belowe** om oor diegene wat Hom dien en Sy wette gehoorsaam, te waak en hul te “versorg”.

Nadat Hy die meeste mense se natuurlike bekommernis oor die basiese noodsaaklikheid van voedsel en kleding beskryf het, maan Jesus Christus ons: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheüs 6:33). Die apostel Paulus skryf onder inspirasie: “Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie” (Hebreërs 13:5). God sal dus **nooit** diegene wat Hom werklik dien, “verlaat nie”.

Wat is die “gedagte van God” rakende ons *finansiële verantwoordelikheid* aan die Skepper wat aan ons lewe en asem gee? Wat openbaar **God** duidelik in Sy *geïnspireerde Woord*? Nadat hy die gebeure aangaande Israel se uittoeg uit Egipte en die beproewings en toetse en **strawwe** wat God oor antieke Israel gebring het, beskryf het, het die apostel Paulus geskryf: “Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as **voorbeelde** en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het” (1 Korinthiërs 10:11).

Een van die primêre voorbeelde wat in die hele Ou Testament gegee word, is die **voorbeeld** van Abraham, want Abraham word “*die vader ... van almal wat glo*” genoem

(Romeine 4:11). By drie verskillende geleenthede word hy ook “'n vriend van God” genoem (Jakobus 2:23; 2 Kronieke 20:7; Jesaja 41:8). Deurdadig Abraham gewillig was om sy eie seun te offer, word hy, *soos geen ander mens* in die Bybel nie, gebruik as 'n voorbeeld van *God Self* (Genesis 22).

Ons behoort verseker graag Abraham se voorbeeld *te wil volg!*

Alhoewel Abraham wel 'n baie belangrike man was, word 'n selfs *belangriker* Persoonlikheid in Genesis 14:18-20 geopenbaar – “Melgisédek”, Koning van Salem. Hierdie belangrike Persoonlikheid word beskryf in die geïnspireerde gedeelte in Hebreërs 7:1-3: “Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het; *aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het* – hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede; sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur”.

Wanneer u hierdie gedeelte noukeurig lees, word dit duidelik dat Melgisédek nie 'n mens was nie, maar eintlik die Persoonlikheid wat in die Nuwe Testament, Jesus Christus Self geword het! In vers 9 sê God ook aan ons: “En, om so te sê, het

ook *Levi* wat tiendes ontvang, deur Abraham **tiendes gegee**".

Hierdie *kragtige voorbeeld* van Abraham – die “vader van almal wat glo” – wat **tiendes** aan Melgisédek **betaal** het, behoort te maak dat elke Godvresende persoon graag die *voorbeeld* van die vader van die gelowiges wil volg – indien daardie persoon wel graag getrou aan sy Skepper wil wees! Soos ook aangedui in Hebreërs 7:9, is dit nie slegs 'n geval van tiendes “gee” aan God nie – want Levi het tiendes “betaal” deur Abraham. Die oorspronklike voorbeeld sê aan ons dat Abraham geweet het dat God “Skepper [Besitter] is van hemel en aarde”. God is ons Skepper, ons Onderhouer en ons Voorsiener. Hy maak dit vir ons moontlik om die lug wat ons inasem, in te asem, om die water te drink wat ons drink en die kos te eet wat ons eet. Die meeste mense *dink eenvoudig net nie daaraan nie!* God – deur Sy Woord – maak dit egter duidelik dat *ons* aan Hom 'n **tiende** van ons inkomste of aanwas **verskuldig** is, aangesien Hy per slot van rekening ons “Eienaar” en ons **God** is.

Abraham se wonderlike voorbeeld kan nie ter syde gestel word deur diegene wat valslik beweer dat die betaling van tiendes maar net deel was van die “Wet van Moses” nie! Moses was egter *nog nie eens gebore* toe Abraham aan ons die voorbeeld gestel het om tiendes te betaal nie. Later vind ons dat die patriarg Jakob ook onderneem het om 'n **tiende** aan God te betaal (Genesis 28:22).

Betaal van tiendes was nog altyd deel van God se plan

In Genesis 26:3-5 vind ons die storie van hoe God met Isak gepraat het en aan hom beskryf het hoe Hy aan Abraham ontsaglike seëninge van nasionale voorspoed en miljoene nasate gegee het, “**omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooe, my insettinge en my wette onderhou het**” (vers 5). Die **betaal van tiendes** was sekerlik een van hierdie instellings (Levitikus 26:46; 27:30). Abraham het dus eenvoudig net die gebooe en instellings wat God *alreeds openbaar* gemaak het lank voordat daar ooit van Moses gehoor was, gehoorsaam! Daardeur het Abraham dus “God se vriend geword!”

Byna aan die einde van die Ou Testament, in die boek van Maleagi – 'n soort van “oorbruggingsboek” wat ons in die Nuwe Testament inlei – het God aan ons voorvaders gesê: “*Want Ek, die HERE, het nie verander nie*” (Maleagi 3:6). God het sekere basiese gebooe en instellings wat *vir ewig* op mense van toepassing is. **Betaling van tiendes** is verseker een hiervan, want die geïnspireerde opdrag gaan voort: “Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: **Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.** Met die vloek is julle belaa, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van

die leërske, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie” (verse 8-10).

Aangesien ons menslike natuur basies selfsugtig is en omdat God vir die meeste mense nie “werklik” is nie, het die meeste mense en *selfs die meeste predikante*, met **verskonings te voorskyn gekom** waarom ons nie veronderstel is om tiendes te betaal nie. *Waarom?* Die Bybel antwoord: “... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie” (Romeine 8:7). Dit lyk asof vleeslike mense van nature wrewelrig is teenoor die idee van 'n almagtige God wat 'n **wet** het wat aan hulle sê wat om te doen! Die tipiese argumente teen die betaling van tiendes erken gewoonlik dat betaling van tiendes 'n *wet* was onder die Ou Testament, maar dat dit **nie** vereis word in die Nuwe Testament nie. Nogtans het Jesus Christus dit Self **duidelik** uiteengesit: “Elkeen dus wat *een van die minste van hierdie gebooe breek* en die mense só leer, *sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele*; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Mattheüs 5:19). Derhalwe, soos dit duidelik behoort te wees vir almal met oë om te sien, het Jesus uitdruklik aangedui dat Sy ware volgelinge selfs die “minste” of geringste van God se gebooe moet gehoorsaam!

Het Jesus egter Self *duidelik*

aangetoon dat tiendes nog steeds betaal moet word?

Ja! Hy het. Let op Sy woorde: “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat” (Mattheüs 23:23). Hier toon Jesus dat Hy van daardie mense wat liefde, geregtigheid, genade en geloof beoefen verwag om **ook tiendes te betaal!** Enige eerlike onderwyser in grammatika sal – indien dit *enige ander onderwerp was* – saamstem dat Christus aan ons sê om **nie** nate laat om tiendes te betaal nie! Ons moet **nie** die betaling van tiendes “nalaat” nie!

Hoe duidelik!

Die hele Bybel toon immers aan ons wat sal gebeur indien ons God vereer met ons besittings: “Vereer die HERE uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van **oorvloed** en jou parskuipe oorloop van mos” (Spreek 3:9-10). Ons behoort almal na te dink oor die geïnspireerde lering van die apostel Paulus: “Maar *dink* daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai. Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief. En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en

oorvloedig kan wees tot elke goeie werk” (2 Korinthiërs 9:6-8).

Weer, soos in so baie Bybelse gedeeltes, toon ons Vader in die hemel aan ons dat *indien* ons milddadig aan Hom en Sy Werk gee, dan sal Hy inderdaad, op baie verskillende maniere, seëninge uit die hemel op ons **uitstort**. Die ware Skepper is **in staat** om “alle genade oorvloedig oor julle te laat wees” en te bewerkstellig dat ons die geleentheid het om altyd genoeg te hê om te eet en om altyd genoeg te hê om ons gesin te versorg – **indien** ons werklik die Een wat aan ons lewe en asem skenk, dien en gehoorsaam.

Selfs al lê daar nog verskriklike beproewings en toetse voor vir ons mense – fisies, finansieel en andersins – sal diegene wat werklik “met God **wandel**” en hul Skepper **gehoorsaam**, seëvier oor die fisiese beproewings in ander persoonlike sake en sal die *goddelike beskerming* van God hê in die gevaarlike tye wat gaan kom. Dit hang alles af van hoe “werklik” God vir u is! Sal u gewillig wees om werklik die Geheelbeeld te sien van u Skepper wat in menslike sake ingryp, die opkoms en ondergang van nasies bewerkstellig en diegene wat Hom dien en gehoorsaam werklik **bonatuurlik seën**? Dit is **nie** “te moeilik” om tiendes te betaal nie! God se wette bring uiteindelik slegs die goeie voort – aangesien hulle gerugsteun word deur die lewende Skepper!

Dit is die **slutel!** Teen die einde van die Nuwe Testament

het die geliefde apostel Johannes geskryf: “Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooi bewaar; en sy gebooi is nie swaar nie” (1 Johannes 5:3). Eerlikwaar – *indien* dit reg verstaan en toegepas word – is God se wette en gebooi **nie** “swaar” nie! Inderdaad trek hulle ons nader aan 'n voortdurende erkenning van die **werklikheid** van ons Skepper. Hulle bring ons nader aan Hom namate ons in werklikheid met Hom “wandel” deur Sy wette en gebooi as 'n *lewenswyse* te onderhou. Dan, deur geloof, “sien” ons ook die **seëninge** wat Hy op so baie verskillende maniere oor ons uitstort. Nee, Hy sal ons **nie** almal miljoenêrs maak nie, maar Hy sal toesien dat ons “genoeg” het. Hy sal na ons omsien. Hy **sal** oor ons wag hou gedurende die gevaarlike tye wat voorlê.

Deur Jesus Christus wat *in ons leef* deur die Heilige Gees (Galasiërs 2:20) sal ons in staat gestel word om *al* God se wette te gehoorsaam. Deur Christus in ons sal ons die ware **karakter** van God ontwikkel. Ons sal *graag wil* gee, help en dien. In hierdie “laaste dae” sal ons ook graag ywerig *ons deel* wil doen om Christus se boodskap na 'n baie verwarde wêreld uit te dra. Jesus sê: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het *en om sy werk te volbring*” (Johannes 4:34).

Dan, deur Christus in ons, sal dit ons passie wees om algeheel betrokke te wees in *milddadige ondersteuning* van die Werk wat Christus nou vermag deur diegene wat getrou Sy volle Waarheid verkondig. Ons sal in *geloof* uitsien na

Christus se wederkoms en om daardie wonderlike woorde te hoor: “Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer” (Mattheüs 25:21).

Indien ons toelaat dat Christus Sy gehoorsame lewe in ons leef, en indien ons getrou die

ware Werk van God ondersteun in hierdie tydvak deur tiendes te betaal en ook *offerandes te gee* – soos Hy ons beveel – sal ons God se seën ontvang in *elke deel* van ons lewens. Dit is so eenvoudig soos dit. Moet nooit die onsinnige argumente glo dat u dit “nie kan bekostig” om tiendes te betaal nie! Die

Bybelse waarheid is dat u nie kan bekostig om **nie** tiendes te betaal nie! Hierdie einste handeling *om u Skepper te dien* bring u nader aan Hom, aan Sy lewenswyse en aan die ontelbare seëninge wat Hy sal begin om oor u uit te stort, nou en vir ewig. **WvM**

Waar is u skat?

Deur William Bowmer

Miljoene beleggers het in die laaste paar jaar hul “neseiers” sien krimp. Of dit nou behuisingsbeleggings is wat verlore is of aftreefondse wat verdamp het, die geld waarop hul staatgemaak het, is weg.

Miljarde mense op die planeet Aarde ken 'n armoede wat meeste mense in die Westerse nasies hulle nouliks kan indink. Volgens statistiek van die Verenigde Nasies, verdien meer as twee miljard mense minder as R14 per dag. In die wêreld se 49 mees onderontwikkelde lande, leef 80% van die mense op daardie bedrag. Ja, selfs die armste Amerikaners tel nog steeds onder die welvarendste mense op Aarde.

Aan die een kant waarsku die Skrif God se mense daarteen om selfvoldaan en louwarm te word en op hul veronderstelde rykdom te vertrou (Openbaring 3:17). Nogtans vereis God **nie** armoede van getroue Christene wat aan Hom gehoorsaam is nie. Die apostel Johannes sê aan die broeders: “Geliefde, ek wens dat dit met jou **in alles** goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan” (3 Johannes 2). Lank gelede het Koning Dawid geskryf dat diegene wat behae het in God se wet, in alles voorspoedig sal wees (Psalm 1:3).

Dus, hoe behoort Christene te reageer op 'n finansiële krisis? Een belangrike beginsel is dat indien ons die regte prioriteite het, ons nie nodig het om te vrees nie. Jesus Christus leer ons: “Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheüs 6:31-33).

Ja, vir diegene wat heel **eerste** God se Koninkryk soek, sal **alle dinge** bygevoeg word.

Beteken dit twee luukse motors in elke motorhuis, 'n 152 cm platskerm TV en 'n ontsaglike groot plaas vir elke Christen? Nee! God verseker Christene dat indien hulle naby Hom bly, hulle elke ding sal hê wat hulle nodig het – as Hy aan hulle meer gee, dan verwag Hy ook soveel meer van hulle (Mattheüs 25:14-30).

Met welvaart kom verantwoordelikheid en daar is rykdom wat geld nie kan koop nie. Kyk wat het gebeur toe die towenaar Simon die Apostels genader het en probeer het om die gawe van die Heilige Gees te koop: “En toe Simon sien dat deur die handoplegging van die apostels die Heilige Gees gegee word, het hy hulle geld aangebied en gesê: Gee aan my ook hierdie mag, sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang. Maar Petrus sê vir hom: Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry” (Handelinge 8:18-20).

Dus, hoe bestee u u geld? Die Bybel herinner ons daaraan dat die ware skat nie gevind kan word deur die opbou van persoonlike rykdom of deur kwistig op onself te spandeer nie: “Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees” (Mattheüs 6:19-21).

Wanneer u rykdom bekom, dink u hoofsaaklik aan al die wonderlike “dinge” wat u daarmee kan koop? Of dink u eerstens aan u verantwoordelikheid as 'n rentmeester van wat God aan u gegee het – hoe u u rykdom kan aanwend om u gesin, u geliefdes en u gemeenskap te help, u Skepper te dank en Sy Werk te ondersteun? God kyk na u hart. Soek u na Sy skat? **WvM**

Bewys die Bybel!

Deur Richard F. Ames

Koning Salomo het geskryf: “... aan baie boeke maak kom geen einde nie” (Prediker 12:12). Daar is egter een boek wat belangriker is as al die ander.

U beskik heel moontlik oor 'n kopie van die wêreld se topverkoperboek in u huis. U mag selfs meer as een kopie besit. Soos die *Wall Street Journal* opmerk: “Dit is 'n verstommende feit dat die Bybel jaar na jaar die boek bly wat die meeste verkoop in Amerika – selfs al beskik 90% huishoudings alreeds oor minstens een kopie. Die teks verander nie, behalwe vir die vertaling. Die geweldige verkoopsvolume, 'n geskatte 25 miljoen kopieë word jaarliks verkoop, word grootliks aangedryf deur nuwighede in die ontwerp, kleur, styl en die allernuutste nisbemarking” (*Prophet Sharing: The Good Book is the Best Seller*, 23 Desember 2008).

Ja, ons Westerse Wêreld het vir lank die Bybel eerbiedig. Wat is die Bybel egter? Is dit werklik die openbaring van die Skepper-God aan mense op planeet Aarde? Kan u werklik bewys dat die Bybel goddelik geïnspireerd is – asook histories en profeties akkuraat is? Ja, u kan!

'n Onlangse verslag van die Barna Navorsingsgroep dui aan dat terwyl 58% Amerikaners van 64 jaar en ouer, glo dat die Bybel heeltemal akkuraat is in sy leerstellings, slegs 30% tussen die ouderdomme 19 tot 25 jaar hierdie siening deel (*New Research Explores How*

Different Generations View and Use the Bible, 19 Oktober 2009). Wat is egter die waarheid van hierdie saak?

In ons bespreking van die Bybel se integriteit en inspirasie sal ons sien presies hoe akkuraat die Bybel is. U behoort die Bybel te bewys. Baie mense grond slegs hul godsdienstige oortuigings op opvoeding, hoorsê, groepsdruk, gerugte en vals tradisie. Hulle gebruik nie die tyd om die onderwerp self te bestudeer en die waarheid te bewys nie. Ja, wat voldoende bewys vir een persoon mag wees, mag nie vir 'n ander een wees nie. Indien u egter gewillig is om die moeite te doen om die saak vir uself te bewys, sal u die waarheid vind! Eintlik daag die Bybel self ons uit in 1 Thessalonicense 5:21: “Beproof alle dinge; behou die goeie”. Die *Nuwe Vertaling* sê: “... toets dit alles, behou wat goed is”. Hierdie artikel sal kortliks vier bewyse ter staving van die Bybel aanvoer!

Bewys 1: Historiese akkuraatheid

Keer op keer het skeptici en kritici beweerd dat belangrike nasies en individue wat in die Bybel vermeld word, nooit bestaan het nie! Hulle was egter in verleentheid gebring deur bewysstukke wat hulle verkeerd

bewys het.

Is die Bybel akkuraat? Nie so lank gelede nie het ek met 'n verkoopsman gepraat wat gedurende ons gesprek in effek gesê het: “Wel, jy kan nie die Bybel vertrou nie”. Ek het 'n paar oomblikke geneem om bewyse tot die teendeel met hom te deel – veral die akkurate bewaring van die skriftuurlike teks. Om dit te laat lyk of hul intelligent en verlig is, gaan party mense slegs maar saam met die stroom van vals kritiek. Terug in die 18de eeu het kritici selfs die bestaan van die Assiriese Ryk *bevraagteken*, asook die bestaan van die antieke stadstaat Nineve, waarna in die Bybel verwys word. Die skeptici was baie verkeerd bewys!

Ons sien 'n voorbeeld hiervan in die lewe van die beroemde Britse argeoloog, Austen Henry Layard. In *The Luck of Nineveh*, herinner die skrywer, Arnold Brackman, ons: “In 1817, toe Austen Henry Layard gebore is, was daar geen tasbare bewys dat Nineve, die setel van die Assiriese Ryk, wat volgens bewering langer bestaan het as enige ander ryk voor dit of daarna, ooit bestaan het nie. Vir dieselfde prys was daar geen bewys dat daar ooit 'n Assiriese Ryk was nie” (Voorwoord, bl. vii).

Layard het in 'n omgewing gewerk wat die spot gedryf het

met Bybelse weergawes. Soos Brackman geskryf het: “In die Ou en Nuwe Testamente word twintig keer na Nineve verwys en in die Ou Testament is daar 132 verwysings na Assirië ... 'n Toenemende getal skeptici, met hul godsdienstige geloof verwater deur die asemrowende wetenskaplike deurbrake wat gepaard gegaan het met die eerste roeringe van die Industriële Rewolusie, het egter *gesmaal* oor stories van Nineve en dit afgemaak as 'n legende wat by 'n tydperk van fabels hoort. Vir hulle was *daar nooit* 'n Nineve *gewees nie*, net so min as wat daar ooit 'n Troje was” (bl. 12-13).

Ten spyte van die aanslae van kritici het Layard uiteindelik Nineve ontdek. Kunsprodukte in die Britse Museum in Londen, die Louvre in Parys, die Oosterse Instituut Museum in Chicago en ander museums *lewer oorweldigende* bewys van die geskiedkundigheid van hierdie antieke ryk, soos dit in die Bybel beskryf word.

Argeologie het **honderde** ander geskiedkundige verwysings in die Bybel bevestig. Om net maar 'n paar te noem: Die Israelse Grafswil, 'n plat klip wat in 1896 by Tebes in Egipte ontdek is, en wat die oudste bewys lewer van antieke Israel behalwe die Bybel en vermeld die militêre triomf van Faraο Merenpta van die 13de eeu v.C. Daarop staan: “Israel is verpletter en het geen nageslag nie, Sirië is 'n weduwee as gevolg van Egipte” (*Treasures From Bible Times*, deur Alan

Millard, 1985, bl. 100).

Ons kan in hierdie artikel net maar so bolangs hierdie onderwerp aanroer, maar u kan die saak self verder ondersoek in tallose Bybelwoordeboeke, ensiklopedieë, atlasse en handboeke, sowel as goeie joernale soos *Biblical Archaeology Review*. U sal herhaaldelik bevestiging vind van die Bybel se weergawe.

Die *U.S. News & World Report* het 'n tyd gelede 'n kragtige voorbladartikel geplaas onder die titel: “*Is die Bybel waar?* Buitengewone insigte uit argeologie en die geskiedenis”. 'n Span argeoloë het opgrawings gedoen in die antieke puinhope van die stad van Dan in Bo-Galilea. Avraham Biran het die span gelei. Hulle het 'n monument van basalt ontdek, wat dateer uit die 9de eeu v.C. Die grafswil, of monument, gedenk 'n “militêre oorwinning van die koning van Damaskus oor twee antieke vyande. Die fragment identifiseer een vyand as die 'koning van Israel.’ Die ander vyand was 'die Huis van Dawid” (25 Oktober 1999, bl. 12-13).

Waarom sou dit so betekenisvol wees? Kyk na die volgende sin: “Die verwysing na Dawid was 'n historiese bom” (*ibid.*). Vir diegene wat alreeds aan hulself die akkuraatheid en geloofwaardigheid van die Bybel bewys het, was dit natuurlik nie 'n “bom” nie – slegs maar bykomende bevestiging van wat hulle alreeds bewys het!

Die artikel gaan voort: “Nog nooit voorheen is die bekende

naam van Juda se antieke krygskoning – 'n sentrale figuur van die Hebreeuse Bybel en, volgens die Christelike Skrif, 'n voorvader van Jesus – in die anale van die oudheid buite die bladsye van die Bybel gevind nie”. Verder: “*Skeptici* het lank reeds daardie feit aangegryp om te argumenteer dat Dawid slegs maar 'n legende was, versin deur Hebreeuse skribas gedurende of kort na die Babiloniese ballingskap, rofweg 500 jaar voor Christus se geboorte. Nou, uiteindelik, is daar klinkklare bewys: 'n inskripsie, nie deur die Hebreeuse skribas geskryf nie, maar deur 'n vyand van die Israeliete, 'n bietjie meer as 'n eeu na Dawid se vermoedelike leeftyd” (*ibid.*).

Sal u skepties bly ten spyte van die bewyse? Onthou wat die apostel Paulus oor die bewys van God se bestaan gewaarsku het: “Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle *geen verontskuldiging* het nie” (Romeine 1:20). Ek moedig u aan om manhaftig genoeg te wees om die bewyse te ondersoek – om die Bybel self te lees. U kan die geloofwaardigheid van die Bybel bewys!

Kritici is in die verleentheid gebring wanneer argeologie en die geskiedenis hulle duidelike bevooroordeelde aantygings verkeerd bewys het. Let op hierdie aanmerkings deur beroemde argeoloë, soos

aangehaal in ons gratis boekie, *Die Bybel: Feit of Fiksie?*: “Die wyse waarop argeologie die geskiedkundige akkuraatheid van die Bybel *verifieer*, is niks minder as *merkwaardig* nie! Soos die bekende argeoloog Nelson Glueck geskryf het: 'Dit kan duidelik gestel word dat *geen argeologiese ontdekking al ooit 'n enkele Bybelse verwysing weerlê het nie*. Talle argeologiese bevindings is gemaak wat geskiedkundige stellings in die Bybel in duidelike beskrywing of presiese besonderhede bevestig' (*Rivers in the Desert*, Glueck, bl. 136). Glueck se kommentaar herhaal die woorde van 'n ander prominente argeoloog, William F. Albright, wie gesê het: 'Dit ly geen twyfel dat argeologie die wesenlike geskiedkundigheid van Ou-Testamentiese tradisies *bevestig* nie ... Die oordadige skeptisisme wat deur belangrike geskiedskole van die agtiende en negentiende eeu teenoor die Bybel betoon is ... is *toenemend in twyfel getrek*” (bl. 24-25).

Ja, die skeptici en kritici is “toenemend in diskrediet gebring”. U kan die Bybel se *geïnspireerdheid* en akkuraatheid bewys!

Bewys 2: Vervulde profesieë

Nog 'n manier waarop u die Bybel kan bewys is dat die Outeur daarvan – die Skepper-God – profesieë openbaar, en Hy vervul profesieë. Hy verklaar die einde van die begin af (Jesaja 46:9-10).

Die Bybel openbaar

honderde profesieë. In werklikheid is een kwart van u Bybel aan profesie gewy. Meer as 200 gedeeltes in die Ou Testament is deur Jesus Christus – die Messias – vervul. *H o n d e r d e m e e r g e e* gedetailleerde inligting oor eindtydse profetiese gebeure – waarvan baie reeds gebeur het of nou begin om plaas te vind – veral ten opsigte van die ontwikkeling van 'n Europese moondheid wat die heel laaste “Romeinse Ryk” sal word wat invloed oor die hele aarde sal uitoefen. Gereelde lesers van die *Wêreld van Môre* het al baie van ons uitvoerige besprekings aangaande moderne vervulling van profesieë gelees, dus sal ons hier slegs een voorbeeld beklemtoon van 'n antieke profesie wat vervul is presies soos God voorspel het dit sal gebeur.

Babilonië was die grootste ryk van sy tyd en die Bybel het voorspel dat hierdie groot ryk ander nasies sou straf as 'n oordeel van God. Daarna sou Babilonië self geoordeel word vir sy sondigheid.

Meer as 'n honderd jaar voordat hierdie groot ryk vernietig is, noem die profeet Jesaja by name die individu wat verantwoordelik sou wees vir die ondergang van Babilonië. Koning Kores van Persië het bykans twee eeue ná Jesaja geleef, nogtans word hy *by name* genoem in Jesaja 44! Jesaja het selfs voorspel *hoe* Kores die stad Babel sou binnedring om dit te verower: “So sê die HERE aan sy gesalfde,

aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losgord; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie: Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan. En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die HERE is wat jou *by jou naam roep*, die God van Israel” (Jesaja 45:1-3). Wat 'n *kragtige* profesie!

Alles het net so gebeur. Diegene wat skepties oor die Bybel is, kan gerus kennis neem dat die Griekse historikus Herodotus, ongeveer 440 v.C. ook geskryf het oor die beleg van Babel in *The Histories* (1:191-192), wat die Bybelse verhaal bevestig! Ja, beide wêreldse en Bybelse gesag bevestig dat Kores gedoen het wat Jesaja geprofeteer het!

Bewys 3: Bewaring van die Teks

Kan ons aanvaar dat 'n God wat in staat is om die Bybelse teks te inspireer, ook kan verseker dat dit getrou bewaar en aan ons in die 21ste eeu oorgedra sou word? Ons kan weereens na die aansprake van die Bybel kyk – in hierdie geval 'n belofte deur Jesus Christus. Hy het gesê: “Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles

gebeur het nie” (Mattheüs 5:18). Die jota (Hebreeuse *yud*) waarna Jesus verwys het, is die kleinste lettertjie in die Hebreeuse alfabet – en die titteltjie is 'n klein merkie of aanwysing wat verband hou met Hebreeuse letters. Christus het dit duidelik gestel dat nie slegs die woorde van die Ou Testament getrou behoue sou bly nie, maar die *letters* ook.

Jesus het ook gesê: “Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie” (Lukas 21:33). Dit is een van vele beloftes en aansprake van die Bybel self dat die woorde en die openbarings van God getrou bewaar sal bly.

Kom ons neem een besondere voorbeeld: Is die boek Jesaja getrou bewaar? In 1947 was twee antieke afskrifte van die boek Jesaja ontdek as deel van die Dooie See Rolle in Qumran Grot 1. Hierdie rolle dateer 'n duisend jaar vroeër as enige ander bekende manuskripte van Jesaja. Was die woorde in Jesaja getrou bewaar? Inderdaad, “dit is bewys om in meer as 95% woord vir woord identies te wees met die teks van ons standaard Hebreeuse Bybel. Die 5% verskil bestaan hoofsaaklik uit sigbare glipse van die pen en verskil in spelling ... [hierdie verskille] affekteer die boodskap van die onthulling nie in die minste nie” (*A Survey of Old Testament Introduction*, deur Gleason L. Archer, 1974, bl. 25).

Volgens die apostel Paulus het God aan die Joodse

gemeenskap die verantwoordelikheid gegee om die Ou Testament te bewaar. Aangaande die Jode, skryf Paulus: “... dat aan hulle die woorde van God toevertrou is” (Romeine 3:2). Die Nuwe Vertaling stel dit so: “... dat God sy woorde aan die Jode toevertrou het”. Die geskiedenis toon inderdaad dat skribas, genoem Masorete, die teks van die Skrif getrou per hand oorgeskryf het. Die amptelike Hebreeuse teks word die Masoretiese teks genoem. Hierdie skribas was so noukeurig dat hulle al die letters en al die woorde in 'n gegewe boek getel het om seker te maak dat daar geen verskille is nie, selfs nie eens in individuele letters van die teks nie.

Die Nuwe-Testamentiese teks wat in Grieks geskryf is, was in die Griekssprekende wêreld bewaar. Die *King James Version* van 1611 was hoofsaaklik vertaal uit die Hebreeuse Masoretiese teks en die Griekse Oorgelowerde Teks, beter bekend as die *Textus Receptus*, en sover bekend, is die *Ou Afrikaanse Vertaling* van 1933 ook uit dieselfde oorspronklike Tekse gedoen. Duisende manuskripte getuig van die juistheid van die Nuwe Testament. Ons vind ook hier, net soos in die Jesaja-rolle, klein, onbeduidende verskille wat geensins die boodskap fundamentele leersellings affekteer nie.

Sluip daar foute in met vertalings? Ja, sommige foute in die Latyns, Engelse of

Afrikaanse Vertalings – soos die valse toevoeging tot 1 Johannes 5:7 honderde jare ná die Apostels – is welbekend en word maklik uitgeken. Genadiglik, omdat ons so baie geloofwaardige manuskripte het om potensiële verknoeiing van die teks te identifiseer, kan ons volle vertroue hê in die aansprake van die Bybel.

Bewys 4: Leef volgens die Bybel

Hierdie finale bewys is meer gebaseer op 'n mens se persoonlike interaksie en ondervinding met die Bybel. Jesus het gesê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mattheüs 4:4). Waar kom Jesus aan hierdie stelling? Hy het aangehaal uit die Ou Testament, uit 'n gedeelte wat toon dat God wou hê dat die antieke Israeliete 'n diep, geestelike les moes leer tydens hul uittog uit Egipte. Moses het aan die Israeliete gesê: “En Hy [God] het jou verootmoedig en jou laat hongerly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan” (Deuteronomium 8:3).

Hierdie laaste bewys, anders as al die ander, berus op geloof en optrede. Die eerste drie bewyse was *ekstern* van aard, maar hierdie bewys vereis 'n interne verbintenis om die

Bybel te lees en om die beginsels, instellings en wette daarvan te beproef en uit te leef. Onthou: “Beproef alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21). Ja, ons beproef of toets die Bybel deur die opdragte daarin te beoefen of uit te leef. “Bewys alle dinge”. U kan begin deur die beginsels wat Jesus ons in die Bergpredikasie (Mattheüs 5-7) geleer het, toe te pas en uit te leef. Toets elkeen van die Tien Gebooie deur hulle van toepassing te maak op u lewe. Jesus het gesê: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie” (Mattheüs 19:17).

Sodra u eers die beginsels van die Bybel begin toepas, sal u begin om meer insig te hê as wat u ooit tevore gehad het. Ons

lees: “Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand” (Psalm 111:10).

Opregte Christelikheid is nie 'n een-dag-per-week godsdiens nie. Dit is 'n lewenswyse. In die boek van Handelingte word die vroeëre Christene beskryf as sou hulle “die Weg” beoefen. Let daarop dat toe die apostel Paulus homself in Cesaréa teen die aanklagte van sy mede-Jode verdedig het, het hy aan die Goewerneur Felix gesê: “Maar dit erken ek voor u dat ek volgens die Weg wat hulle sekte noem, so die God van my vaders dien, terwyl ek alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is” (Handelingte 24:14).

In ons tyd is baie mense nie gewillig om die Weg te bewandel

en die waarheid vir hulself te ontdek nie – maar vir diégene wat wel bereid is, sal aan hulself bewys dat dit vreugde en vervulling bring, tot die mate wat ons bereid is om Christus in ons te laat leef en ons te lei om Sy opdragte en die geïnspireerde beginsels van die Skrifte volg.

U behoort die Bybel te bewys. Die Bybel gee antwoorde op die geheimenisse van die lewe. Dit gee aan ons die beginsels vir 'n suksesvolle, oorvloedige lewe. Die Bybel is God se Handleiding aan die mensdom. Dit gee aan ons hoop vir die toekoms en die weg na ewige saligheid. Mag God u seën namate u na die opdragte, openbarings en waarhede daarvan soek! **WvM**

Die Bybel: Feit of fiksie?

Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

Londen Roep

Dink die ondenkbare

Deur John Meakin

Die Britse historikus Niall Ferguson het 'n kommerwekkende waarskuwing vir Amerika: “*Wanneer die Amerikaanse Ryk ten gronde gaan, sal dit waarskynlik vinnig gebeur*”.

In 'n artikel van die Maart-April 2010 uitgawe van *Foreign Affairs*, maak Ferguson ons daarop bedag dat die Amerikaanse alarmklokke baie luid behoort te lui, noudat “die Verenigde State 'n handelstekort van meer as \$1.4 biljoen vir 2009 ver wag – omtrent 11.2% van die BBP, die grootste tekort in 60 jaar – asook een vir 2010, wat nie juis kleiner sal wees nie. Intussen word beraam dat die publieke skuld in die komende dekade sal verdubbel, van \$5.8 biljoen in 2008 tot \$14.3 biljoen in 2019. Binne dieselfde tydsraamwerk word voorspeld dat die rente op daardie skuld sal spring van 8% van Federale Inkomste na 17%” (“Complexity and Chaos: Empires on the Edge of Chaos”, bl. 30-31).

Ferguson, 'n professor in ekonomiese geskiedenis aan die Harvard Universiteit, skets 'n prentjie van toenemende staatskuld in toekomstige jare. “Volgens die Kongressionele Begrotingskantoor se 'alternatiewe fiskale scenario' wat moontlike veranderings in die regering se beleid in ag neem, kan publieke skuld van

44% voor die finansiële krisis, styg tot 'n skokkende 716% teen 2080. In sy 'uitgebreide grondvlak scenario', wat aanvaar dat huidige beleide onveranderd sal bly, is die syfer nader aan 280%” (*ibid.*, bl. 21).

Is daar 'n geringe moontlikheid dat die eensmagtige Verenigde State in duie kan stort onder die gewig van buitensporige, ontlukende skuld? Ferguson stel voor: “Die volgende fase van die huidige krisis mag 'n aanvang neem wanneer die publiek begin om die geloofwaardigheid van die monetêre en fiskale maatreëls wat die Obama administrasie geneem het om dit die hoof te bied, te heroorweeg. Nog rentekoerse teen nul persent, nog minder fiskale aansporings kan 'n volhoubare herstel behaal indien mense binne die Verenigde State en oorsee gesamentlik, oornag besluit dat sodanige maatreëls sal lei tot 'n baie hoër inflasiekoers of dat dit *uit en uit sal faal*” (bl. 31, eie beklemtoning).

Presies hoe besorg behoort ons te wees oor die welsyn en standvastigheid van die Amerikaanse finansiële stelsel? Watter uitwerking sal probleme ook in die Verenigde State hê op toestande in die Europese Unie, bestaande uit 27 lidlande, wat gesamentlik 'n ekonomiese mark vorm wat groter is as dié

van Amerika? Oor die laaste twee-en-'n-half jaar het die wêreld *finansiële skokgolwe* van epiese proporsies verduur wat bygedra het tot 'n *diep en hewige resessie* wat oor die algemeen beskou word as die ergste sedert die Groot Depressie van die jare 30s. Nogtans, ten spyte van die probleme, het baie aspekte van die tipiese Westerse lewenstyl bykans onveranderd gebly. Is ons voorbereid op *groot ontwigtings* wat die mag sal hê om die *wêreldorde* waaraan ons almal gewoon geraak het, *te verander*? Is ons gewillig om die *ondenkbare te dink*?

Fiskale Sklerose?

Geld kan vergelyk word met bloed; tensy dit deur die sisteem sirkuleer, sterf die liggaam! Dit is wat amper gebeur het. Geld – die *lewensbloed* van die wêreld se ekonomie – het opgehou om te vloei, en 'n verpletterende finansiële infarksie het die wêreld se finansiële sisteem tot op die rand van uitwissing gebring. Slegs die gesamentlike optrede van regerings regoor die wêreld – eintlik soos om die pasiënt na die waakeenheid te haas en op lewensonderhoud te plaas – het die afsterwe daarvan verhinder. Dit sal egter nog baie lank duur om die pasiënt te verpleeg tot blakende gesond-

heid.

Eenvoudig gestel is die probleem skuld; berge en berge skuld, net waar jy kyk, op elke vlak: Persoonlik, besighede, korporatief, bankwese en nasionaal. Dit het die inspuiting van ontsaglike bedrae likwiditeit (geld) in die are van die wêreldwye finansiële sisteem gekos – die finansiële eweknie van 'n ontsaglike groot bloedoortapping – om dinge weer aan die gang te kry. Vir die huidige is die uiteindelijke ramp van 'n algehele ekonomiese ineenstorting, met die wêreld wat wegsink in finansiële, politieke en maatskaplike chaos, afgeweer. Dit was egter so hittete!

Vanuit ons gunstige posisie in Mei 2010, sal baie mense graag wil glo dat die ergste agter die rug is; nogtans bly die wêreld se finansiële stelsel in 'n wisselvallige en kwesbare toestand. Daar is ook verskeie belangrike redes waaruit ons kan aflei dat daar nog 'n groot hoeveelheid pyn en skok vir daardie stelsel, en alles wat daarvan afhanklik is, aan die kom is.

Namate die krisis gevorder het, het hele nasies wat blootgestel was aan ononderhoubare vlakke van skuld, soos byvoorbeeld Ysland, en nou Griekeland, in ernstige probleme beland en verkeer in gevaar om heeltemal te vou. Dit word verwag dat meer nasies sal volg om in, soos dit tans genoem word, *soewereine skuld* en wanbetaling te verval. Die taak om daardie skuld reg te bestuur

of *die invloed daarvan te verminder*, lê nog voor.

Die ernstige resessie en kredietverknorsing het veral die strukturele tekortkominge van die Europese Unie blootgelê asook die dwaasheid van wat sommige mense beskryf as die unie se *misleidende aspirasies* om 'n hele kontinent suksesvol te kan verenig. Die “een-grootte-pas-almal” wisselkoers en 'n enkele geldeenheid vir al die lidlande het nog altyd die gevaar ingehou om in 'n krisis wreed ontbloot te word. Byvoorbeeld, wat reg is vir die groot, goedgedissiplineerde Duitse en Franse ekonomiese, mag nie reg wees vir kleiner ekonomiese soos Ierland, Spanje en Portugal nie. Die noordelike ekonomiese, tiperend van Duitsland, is spaarsamig, normaalweg verantwoordelik en welvarend, terwyl die suidelike ekonomiese – waarna soms verwys word as die “*Club Med*” en op sy uiterste getipeer word deur Griekeland – meer verkwistend, korrup en swakker is.

Die EU is in 'n krisis gedompel deur die finansiële probleme van Griekeland – met vrese dat dit 'n domino-effek van soewereine wanbetalings sal begin wat die ander swakker, skuldbelaaide ekonomiese soos Spanje, Portugal en Italië sal insuig. Selfs die eens-magtige Verenigde Koninkryk, opgesaal met neerdrukkende vlakke van skuld, staan gevaar om haar hoogsgesogte trippel-A kredietstatus te verloor, tensy die regering kragdadige maatreëls instel om die val te

stuit. Sommige kommentators erken nou dat hulle selfs 'n vernederende en rampspoedige wanbetaling in die vooruitsig stel.

Party mense vra of hierdie ontwikkelende krisis kan uitloop op die versplintering van die Eurozone soos dit tans saamgestel is – hoewel ondersteuners van die EU nog steeds so 'n idee as gek en ondenkbaar afmaak. Dit stel sekerlik noemenswaardige veranderings of herstruktureringe voor om voorsiening te maak vir meganismes om die opwellende kwessie van soewereine wanbetalings, wat tans nog nie in plek is nie, aan te spreek. Is dit moontlik dat een oplossing – ook ondenkbaar as gevolg van die gevolge daarvan – vir Griekeland is om uit die enkele geldstelsel te tree ten einde haar eie, meer toepaslike rentekoersvlakke vas te stel wat haar herstel sal ondersteun? Die wanbalans tussen verskillende ekonomiese in die EU is so geweldig dat dit selfs voorgestel is dat Duitsland uit die valuta-eenheid moet onttrek, sodat die wyer ekonomiese probleme opgelos kan word.

'n Dief in die nag?

In sy verhandeling vra Ferguson 'n interessante vraag wat herinner aan 'n welbekende Bybelse metafoor: “Wat daarvan as die ineenstorting nie oor 'n aantal eeue ontwikkel nie, maar skielik kom soos 'n *dief in die nag*”? (*ibid.*, bl. 22).

Bybelse profesieë voorspel

'n eindtydse Europese Unie van tien konings, nasies of nasionale groepe (Openbaring 17:12-14) wat vir 'n kort tydjie sal probeer om die hele wêreld te oorheers (vers 18). Tans het die EU 27 lidstate. Ons mag die herlewings sien van die idee van 'n binnegroep van EU nasies – met Brittanje wat sigself, na verdere ekonomiese verswakking, spoedig uitgestoot sal vind na die ongewilde buitenste rand – selfs indien party mense in die VK sal verkies om in te bly en die voordele van lidmaatskap in 'n welvarende EU groep in te palm.

Bybelse profesieë dui aan dat daar op een of ander manier 'n radikale herstrukturering van die EU sal **moet** plaasvind om die verlangde oorheersing te bereik. Wanneer daardie verandering kom, sal dit vinnig kom. Is al die saadjies vir daardie herstrukturering huidiglik al in plek? Sekerlik!

Ons behoort bewus te wees van die sirene-sang van diegene wat sê dat alles wel is, terwyl die grondbeginsels anders klink. Die apostel Paulus het geskryf: "... want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net

soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie" (1 Thessalonicense 5:2-3).

Die groot les om te onthou is dat dinge wat eenmaal as ondenkbaar beskou was, baie vinnig kan gebeur. Die wêreldorde is besig om voor ons oë te verander en meer belangrike omwentelings is nie ver weg nie. Waak en wees gereed wanneer dit kom (Lukas 21:34-36)! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Doop: Ritueel of vereiste?

om hul voor te berei om die Heilige Gees te ontvang deur handoplegging. Sommige studente van die Bybel verstaan die voorbeeld van Cornelius en sy huishouding, waar almal die Heilige Gees ontvang het nog voordat hulle in water gedoop was, verkeer (Handelinge 10:44-46). Op Pinkster in 31 n.C. het die apostel Petrus aan die Jode hul nodigheid vir bekering en doop verkondig (Handelinge 2:38). Omtrent 10 jaar later het God Petrus gebruik om in die huishouding van Cornelius, die eerste soortgelyke preek aan nie-Jode te lewer! In antwoord op Petrus se geïnspireerde prediking, is die Heilige Gees op Cornelius en sy huishouding uitgestort, omtrent soos dit uitgestort was op die Apostels tydens die eerste Pinkster – en het daardeur bevestig dat die Evangelie nou ook verkondig moes word aan nie-Jode net

soos aan Jode (Handelinge 10:28)!

Weerlê die voorbeeld van Cornelius op enige manier die noodsaaklikheid van waterdoop? Nee, glad nie! Let op Petrus se woorde nadat die Heilige Gees op hierdie nie-Jode uitgestort was: "Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here" (Handelinge 10:47-48). Dit is hoe belangrik waterdoop werklik is! Soos Cornelius se voorbeeld uitwys, daardie mense wat sê dat hulle die Heilige Gees ontvang het maar wat waterdoop verwerp, het in werklikheid gladnie die Heilige Geesnie!

Jare ná die doop van Cornelius en sy huishouding het God se ware leraars voortgegaan om nuwe bekeerlinge te doop en

God het voortgegaan om die Heilige Gees aan hulle te skenk nadat daardie leraars hulle die hande opgelê het. Die Skrif noem die "handoplegging" inderdaad een van die grondbeginsels "aangaande prediking van Christus" (Hebreeërs 6:1-2)! Die apostels Petrus en Johannes het daardie Samaritane wat hulle bekeer het en gedoop is, die hande opgelê "en hulle het die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 8:17). Die Bybel maak iets wat baie mense nie verstaan nie, baie duidelik – dat God handoplegging deur Sy ware dienaars gebruik om diegene wat hul werklik bekeer het, die Heilige Gees deelagtig te maak.

Dit is belangrik om te onthou dat doop en die gevolglike ontvangs van die Heilige Gees (die omgekeerde volgorde in die geval van Cornelius en sy huishouding was uitsonderlik

Vervolg op bladsy 26

Die Gees van Pinkster

Deur Rod McNair

Voel u God se Gees in u lewe bring verandering te weeg? Kan u gevul word met dieselfde Gees van Pinkster as Christus se eerste dissipels? Ja, u kan!

Dit was 'n onvergeetlike 50 dae vir Christus se dissipels. Hulle Leermeester het teruggekeer uit die dood na 'n brutale teregstelling en het hulle vir 40 dae geleer. By een geleentheid het meer as 500 van hulle Hom gesien (1 Korinthiërs 15:6). Die dissipels het saam met Hom geëet, met Hom gepraat en selfs die wonde waar Sy liggaam deurboor is, aangeraak.

Dit was egter nie al nie. Na 40 dramatiese dae van opleiding het die Verlosser opgevaar in die wolke, terwyl die dissipels met verwondering en verbasing toegekyk het. Hy het hulle egter nie alleen gelaat nie – Hy het belowe om aan hulle iets te gee wat hulle sal bemagtig met 'n geestelike lewenskrag wat hulle nooit voorheen ervaar het nie (Lukas 24:49).

Die dissipel Lukas beskryf Christus se bemoedigende woorde: “En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, *het Hy gesê*, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie” (Handelinge 1:4-5).

Van watter gebeurtenis het die herrese Christus gepraat? Wat was hierdie “belofte” wat

sou kom? Die meeste studente van die Bybel ken die basiese storie, maar baie van hulle is nie ten volle bewus van die diepliggende impak wat hierdie gewigtige 50ste dag van daardie punt vorentoe sou uitoefen op die Kerk van God nie. Dit is die dag van Pinkster – die dag van wonderwerke – *die dag waarop die Nuwe-Testamentiese Kerk begin het!*

Die Dag waarop die Kerk begin het

Wat het gebeur op daardie verstommende Pinksterdag in 31 n.C.? Lukas lewer verslag van daardie dag se gebeure: “En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek” (Handelinge 2:1-4).

Die begin van die Nuwe-Testamentiese Kerk was gekenmerk deur wonderbaarlike dinge wat gesien en gehoor was. Dit was 'n ontsagwekkende vertoning van goddelike mag wat herinner aan die

ontsagwekkende vertonings wat God laat plaasvind het die dag toe Hy aan Moses die Wet op die berg Sinai gegee het (Hebreeërs 12:18-21). Dit is 'n feit dat volgens Joodse tradisie God se Wet eeue tevore op die berg Sinai, in werklikheid op Pinksterdag gegee is!

Maar nog meer belangrik as die dinge wat gesien en gehoor was, was die dinge wat nie gesien en gehoor kon word nie. Hierdie openbarings van God se majesteit kondig die uitstorting van die mag van die heelal – God se Gees – aan! Dieselfde mag wat die son en die sterre laat ontbrand het – die mag wat die planeete gevorm en in hul wentelbane geplaas het – sou nou letterlik in mense op Aarde wees (Johannes 14:17).

Hierdie mense aan wie die Gees gegee was, sou nooit weer dieselfde wees nie! Soos Christus gesê het dit sou, het die Gees van God hulle van binne af na buite verander. Eens bedeesde mans was nou gevul met die einste geloof en moed van Christus, hul Redder. Dit het hulle gelei om die Evangelieboodskap onbeskroomd te verkondig. Dit het hulle na persoonlike verandering en groei gelei. Die apostel Petrus – dieselfde man wat Christus drie maal verloën het – het nou opgestaan en die menigte veroordeel omdat hulle die Seun van God laat

doodmaak het, en het die vergadering sonder vrees uitgedaag om hulle te bekeer van hul sondes (Handelinge 2:14-39).

Die Kerk het gegroei. Die eerste paar dosyn het na honderde, duisende en selfs tienduuisende gegroei (Handelinge 21:20). In die eeue wat gevolg het, het God se getroue dissipels volhard, gelei deur dieselfde Gees wat uitgestort was op daardie gedenkwaardige dag.

Is daardie selfde Gees besig om u te verander? Motiveer dit u? Wil u graag meer diepgaande, persoonlike verandering in u lewe hê? Wil u graag meer bewys hê dat u deur God se Gees gelei word? Wil u graag meer betrokke wees in die Werk wat Christus vandag doen?

Die werklike Gees van Christus het voortgegaan om Sy Kerk vir bykans 2,000 jaar sedert daardie gedenkwaardige dag, te lei. Die vraag is, *hoe kan u seker maak dat dieselfde Gees u lei?*

Waarom hulle Pinkster gevier het

Waarom het die dissipels eintlik op Pinksterdag saamgekom? Waarom op daardie dag? Wat was hul besig om te doen? Presies wat is Pinkster en waarom het die eerste Christene dit gevier? Die antwoord mag u verstom!

Die waarheid lê in die werklike oorsprong van Pinkster. Hierdie vierdag was eintlik 'n Heilige Dag wat eeue tevore aan die Israëliete gegee was!

Pinksterdag was eintlik 'n feesdag wat Christus en Sy dissipels *elke jaar van hul lewens* gevier het, want dit was een van die antieke Feesdae van die nasie Israel. Dit het plaasgevind in die vroeë somer (laat Mei of vroeg in Junie) [Noordelike halfrond] en het die vroeë koringoes in Israel uitgebeeld. Levitikus 23 gee aan ons die besonderhede: “Dan moet julle tel van die dag ná die Sabbat, van die dag af as julle die beweegofferges bring – sewe volle weke moet dit wees; tot die dag ná die sewende Sabbat moet julle vyftig dae tel” (Levitikus 23:15-16).

Pinkster was 'n jaarlikse Heilige Dag, so genoem omdat dit bereken was deur “vyftig dae te tel”. Dit was “een van die groot feeste van die Joodse jaar en was die rede waarom daar so baie Jode uit baie dele van die wêreld besoek afgelê het in Jerusalem ten tye van die eerste Christelike Pinkster” (*A Feast of Festivals*, Hugo Slim, 1996, bl. 144).

Die ware feit dat daar so baie Jode van oral oor die wêreld was wat hierdie Feesdag gevier het, het die “spreek in ander tale” op daardie merkwaardige dag noodsaaklik gemaak. Christus het Sy Kerk begin deur Sy dissipels getuie te laat lewer aan baie Jode en Jodegenote van oor die hele Romeinse Ryk: “Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotámië, Judéa en Kappadócië, Pontus en Asië, Frígië en Pamfílië, Egipte en die streke van Líbië by Ciréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode

en Jodegenote, Kretense en Arabiere” (Handelinge 2:9-11). Terwyl die dissipels die Evangelieboodskap verkondig het, het elke luisteraar dit in sy of haar eie taal gehoor (nie in 'n onbekende of onherkenbare taal, soos party mense verkeerdelik aanvaar nie)!

Na daardie eerste merkwaardige dag het die Kerk van God voortgegaan om Pinkster te vier. Soos David Brickner en Rich Robinson skryf in *Christ in the Feast of Pentecost*: “Daar kan geen twyfel bestaan dat die Fees van Pinkster baie belangrik was vir die vroeë Kerk nie, hoofsaaklik omdat die vroeë Kerk 'n Joodse Kerk was” (2008, bl. 11). Die boek *Handelinge* getuig van hierdie feit met Lukas se verwysings na Paulus se reise: “Want Paulus het besluit om by Éfese verby te vaar, sodat hy nie in Asië tyd sou verloor nie; want hy het hom gehaas om, as dit vir hom moontlik was, op die pinksterdag in Jerusalem te wees” (Handelinge 20:16). Waarom sou Paulus hom haas om in Jerusalem te wees met Pinkster as hy nie die Fees onderhou het nie? Die enigste redelike antwoord is dat hy beplan het om dit wel in Jerusalem te onderhou.

Is dit dus slegs vir die lede van die Kerk wat as Jode gebore is? Nee, glad nie! Paulus het ook in sy brief aan die Korinthiërs daarvan melding gemaak dat hy “in Éfese [sal] bly tot Pinkster toe” (1 Korinthiërs 16:8). Waarom sou Paulus op hierdie manier na Pinkster verwys aan 'n oorwegend nie-Joodse gemeente, *tensy nie-Joodse*

Christene dit ook onderhou het nie?

Die sogenaamde “Kerkvaders” het voortgegaan om vir eeue in 'n positiewe lig van Pinkster te praat, soos wyle Samuele Bacchiocchi verduidelik in *God's Festivals in Scripture and History: Part 1*. Soos Bacchiocchi uitwys, het Clement van Alexandrië (ongeveer 150-215 n.C.) opgemerk: “Vyftig is die simbool van hoop en vergifnis wat tydens Pinkster gegee word”; Tertulianus (ongeveer 160-225 n.C.) het geskryf: “Pinkster is 'n mees vreugdevolle tyd”; Origen (ongeveer 185-254 n.C.) het gepraat van Christene as “altyd in die seisoen van Pinkster”; Eusebius (ongeveer 260-340 n.C.) het verwys na Pinkster as 'n “verhewe en heilige plegtigheid” en as die “fees van feeste”; en Johannes Chrysostom (ongeveer 347-407 n.C.) het 'n preek gelewer oor “Waarom word Handeling gelees tydens Pinkster?” (1995, bl. 204, 206-209).

Selfs vandag, is baie “hoofstroom” Christene bekend met Pinksterdienste, Pinksterpreke en Pinksteremas. *Hoeveel Christene onderhou egter werklik Pinkster?* Onderhou u Pinkster as 'n Heilige Dag van God? Dr. Bacchiocchi gaan voort: “Pinkster is 'n gewilde tema van die Christelike woordeskat. Nie slegs Christelike predikante nie, maar ook gewone lede praat dikwels van die nodigheid van 'n nuwe Pinkster vir vandag se kerk. Christene bid dikwels vir die krag van Pinkster, die

eenheid van Pinkster, die moed van Pinkster, die herlewing van Pinkster. Daar word baie gepraat van die ondervinding van Pinkster, veral tussen evangeliese Christene, maar min, indien enige, bespreking oor die nodigheid om die Pinksterfees te onderhou” (bl. 226).

Onderhou u Pinksterdag? Christus het. Sy dissipels het. Die apostel Paulus het. God se ware Kerk gaan ook voort om dit vandag te onderhou. In 2010 het Pinksterdag op Sondag 23 Mei geval en in 2011 val dit op Sondag 12 Junie. Vra uself af: Gaan u Pinkster hierdie jaar onderhou? Indien nie, *waarom* nie?

Hoe om Pinkster te onderhou

Hoe behoort u Pinkster te onderhou? Deur die jare heen het baie onskriftuurlike tradisies oor hoe om Pinkster te onderhou, ontstaan, sommige grens aan die belaglike. In sommige Europese katedrale, gedurende die Middeleeue, “was daar 'Heilige Gees gate' in die plafonne van die kerke, wat hulle oop gelaat het na die lug ... Op Pinkster was duiwe deur die gate losgelaat om bo in die kerk rond te vlieg” (*Encountering God: A Spiritual Journey from Bozeman to Banaras*, Diana L. Eck, 2003, bl. 130). Word God behaag deur dramatiese vertonings soos duiwe wat bo rondsweef en roosblare wat van die plafon af neerdaal (soos ook deur sommige kerke in die Middeleeue beoefen was)? Is dit die manier waarop God wil hê dat ons Hom moet vereer en die

ware Gees van Pinkster moet terugkry?

Die boek Levitikus in die Ou Testament verduidelik dat die Pinksterfees eerder 'n Heilige Dag vir Israel was, waartydens hulle hul moes weerhou van hul normale, alledaagse werk en moes saamkom met ander gelowiges om God te aanbid. “En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n heilige vierdag moet dit vir julle wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte” (Levitikus 23:21).

Op hierdie Heilige Dag kom God se mense saam om te hoor hoe Sy ware leraars oor die werklik betekenis van Pinkster vir vandag se Christene preek. Hulle verduidelik dat God se heiliges die eerste vrugte van die Koninkryk van God is – die “vroeë oes” in God se plan van redding vir die hele mensdom (Jakobus 1:18). Hulle sit dit uiteen dat God se heiliges vandag geroep word om hul voor te berei om saam met Christus te regeer in Sy Koninkryk (Lukas 19:17; Openbaring 5:10)

Op Pinkster leer God se leraars ons hoe Sy Gees ware Christene sal bemagtig. Soos Petrus verduidelik het, behels die ontvangs van die Gees geloof, waaragtige bekering en doop (lees die artikel “*Doop: Ritueel of Vereiste?*” elders in hierdie uitgawe): “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handeling

2:38). Namate Christene hul daartoe verbind om God te gehoorsaam (Handelinge 5:32), sal die Gees van Waarheid hulle verder in Sy Waarheid inlei (Johannes 16:13).

Wat van die wilde vertoon van ekstatische uitings? Verskaf dit God plesier? Is dit bewys dat Sy Gees verandering teweeg bring? Op Pinksterdag toe die dissipels in "tale" gepraat het, was dit duidelik wonderbaarlik – maar wat het hul werklik gedoen? Onthou, Joodse gelowiges van oor die hele bekende wêreld was vir een doel in Jerusalem vergader – om God op die Pinksterfees te aanbid. Wat die Bybel weergee as "spreek in tale" was God se wonderbaarlike bewerkstelling waardeur pelgrims uit elke nasionaliteit, elkeen die Evangelieboodskap kon hoor wat in hulle eie volkstaal verkondig is (Handelinge 2:8).

Om God se Gees te hê om u te lei in u lewe, moet u gewillig wees om u daartoe te verbind om 'n lewe van gehoorsaamheid aan Hom te leef. Soos Jesus gesê het: "Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid" (Johannes 4:23-24). 'n Deel van daardie gehoorsaamheid is om Pinkster te vier in die gees soos wat God bedoel het. *Is u gewillig om dit te doen?*

Wat ons moet doen

Wat is die lesse van die 50 dae

voor daardie belangrike te Pinkster bykans 2,000 jaar gelede? Op daardie kritieke dag was die dissipels getuie van God se mag. Hulle het geleer dat God se Gees wonderwerke kan verrig om Sy Werk gedoen te kry. Hulle het geleer dat Sy Gees die skeidsmure van kultuur en taal kan afbreek om Sy boodskap aan die wêreld te verkondig. Hulle het geleer dat God se Gees 'n Gees van transformasie is om persoonlike veranderings in hulself te bewerkstellig, sodat hulle kon doen wat hul voorheen nie kon doen nie.

Wat het die dissipels egter nog geleer? 'n Kragtige les van daardie 50 dae was om *God se opdragte noukeurig te gehoorsaam*. Jesus het Sy dissipels uitdruklik beveel om in Jerusalem te bly om die belofte van die Vader te ontvang (Handelinge 1:4). Indien hulle nie gehoor gegee het aan Sy opdragte nie – of *indien hulle nie eens Pinkster onderhou het nie* – sou hulle daar gewees het om die Heilige Gees te ontvang wat op daardie historiese eerste dag van die Christelike Kerk uitgestort is? Natuurlik nie!

Die les aan ons is duidelik: Is ons "teenwoordig" wanneer en waar God is, indien ons graag Sy seëninge wil hê, om gevul te word met Sy krag, Sy denke en Sy Gees? Vier ons Pinksterfees – en ander Feesdae – wat Hy heilige tyd gemaak het sodat ons Hom daarop kan aanbid en Sy Naam kan aanroep? Of sal ons soos die baie mense wees wat slegs Christene in naam is maar wat nie werklik doen wat Christus beveel nie, of van wie

Christus gesê het: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46).

Jesus het gesê: "As julle My liefhet, bewaar my gebooië" (Johannes 14:15). Ware Christene moet toelaat dat die Heilige Gees hulle werklik verander – van binne af na buite toe! Hulle moet groei in genade en kennis van Jesus Christus (2 Petrus 3:18) en Hom toelaat om hul vleeslike, menslike natuur van begeerlikheid, gierigheid, naywer en hoogmoed te onderwerp. Hulle raak dan daarop toegespits om andere lief te hê soos hulself (Mattheüs 19:19). Ware Christene moet selfs hul gedagtes onderwerp, namate Sy Gees hulle denke in staat stel om God se wette, in letter en in gees, te gehoorsaam. Soos Paulus geskryf het, moet Geesgevolle Christene "planne verbreek en [ook] elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus" (2 Korinthiërs 10:5).

Vra uself af tydens hierdie Pinkster of u werklik in elke ding wat u doen aan God gehoorsaam is. Vra uself af of u uself aan u Heer en Meester onderwerp in gedagte, woord en daad! Vra uself ook af of u gehoorsaam is deur *die Heilige Dae wat God ingestel het, heilig te hou*.

Ware Christene *kan* God van harte gehoorsaam wees, meer intens as wat hulle dit ooit voorheen gedoen het – deur die krag van die Heilige Gees – die Gees van Pinkster! **WvM**

Doop: Ritueel of vereiste?

Deur Scott Winnail

Het u al ooit gewonder of doop werklik belangrik is vir ware Christene? Het u dit al ooit bevraagteken of u doop werklik geldig is en of diegene wat u doop hanteer het, uit God se oogpunt, die nodige “geloofsbriefe” gehad het? Was u reg gedoop en het u u werklik bekeer voordat u gedoop is? Wat is die verband tussen bekering en doop? Indien hierdie soort vrae u gepla het, is u nie alleen nie. Genadiglik beantwoord God hierdie vrae duidelik in Sy geïnspireerde woord, die Heilige Bybel.

Die Doop van Babas

Vir eeue is baie belydende Christene tydens doop met water besprinkel. Hoe het hierdie gebruik ontstaan? Is dit Bybels? Aanvanklik was besprinkeling slegs gebruik wanneer 'n persoon as te siek beskou was om ondergedompel te word, maar sedertdien het dit algemene gebruik geword (Latourette, K.S. (1999), *A History of Christianity* (bl. 195, 529, 715). Peabody, MA: Prince Press).

St. Augustyn wat in die laat vierde en vroeë vyfde eeu n.C. geskryf het, word gekrediteer met populêrmaking van kinderdoop. Hy het geglo kinders word gebore met “erfsonde” en het nodig om so spoedig moontlik na geboorte gedoop te word om hul te reinig van daardie sonde. Martin Luther het voortgebou op Augustyn se leerstelling deur te beweer dat

die doop die suigeling verander, reinig en vernuwe deurgeloof.

Kinderdoop het uiteindelik populêr geraak as gevolg van die valse idee dat as 'n baba sterf voor die doop, dit veroordeel is tot die hellevuur. (Om meer te leer oor God se plan vir babas en ander mense wat sterf sonder die geleentheid om die ware Evangelie te hoor en dit aan te neem, skryf gerus en vra vir ons gratis boekie, *Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING?*). Die idee is dat indien ouers nie hul babas laat doop nie, weerhou hulle eintlik die babas se reg tot die genade om 'n kind van God te word (*Catholic Catechism*, Gedeelte 2, Hoofst. 2, Deel 1, Artikel 1, “Doop”).

Kinderdoop vereis egter geen bekering nie – ook nie enige verbintenis van geloof nie! Soos ons sal sien, moet doop volg op ware bekering. Bekering vereis ook dat persone volwasse genoeg moet wees om te kan besef dat hulle hul moet bekeer en hulle moet ook kan verstaan “hoe” hulle hul moet bekeer.

Hoe God die doop sien

Wat sê die *Heilige Bybel* oor doop? Die apostel Petrus beveel: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38). Hierdie opdrag leer ons twee dinge: Eerstens, doop is noodsaaklik vir

alle Christene. Let daarop dat Petrus nie gesê het: “Bekeer julle as julle wil nie”, of “dit sal gaaf wees as party van julle besluit om gedoop te word” nie. Hy het hulle **beveel**: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word”. Tweedens, daar is 'n proses wat saam met doop gaan – bekering en erkenning of aanvaarding van Jesus Christus as Saligmaker, wat opgevolg word met doop, waarna 'n ware leraar van Jesus Christus die pas gedoopte persoon die hande sal oplê, sodat God Sy Heilige Gees in hom of haar kan plaas.

Die woord “bekering” kom van die Griekse woord *metanoeo* en beteken “om anders te dink oor”, om “heelhartig te verander met verafskuwing van vorige sondes” (*Strong's Exhaustive Concordance of the Bible*, Abington Uitgewers: Nashville). Bekering beteken letterlik om om te draai en die ander rigting in te slaan. Dit vereis die vermoë om 'n mens self krities te ontleed in die lig van die Bybel, 'n bewustelike besluit te neem om te verander en daadwerklik te begin om volgens *God se Weg* te lewe. Doop vereis die handeling van 'n rype volwassene – kinders en selfs baie tieners beskik nog nie oor die geestelike vermoëns of lewenservaring om te kan verstaan en hierdie diep geestelike verbintenis aan te gaan nie.

Besprinkeling of onderdompeling?

God het Johannes geïnspireer om te doop waar daar *baie water* was: “En Johannes [die Doper] was ook besig om te doop in Enon naby Salim, *omdat* daar baie water was. En die mense het daar gekom en is gedoop” (Johannes 3:23). Verder: “En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik *uit die water opgeklim*” (Mattheüs 3:16). Dit is duidelik dat Christus *binne in die rivier* gestaan het, *nie* op die oewer nie. Dink duidelik hieroor na! *Indien* die doop slegs 'n klein bietjie water vir besprinkeling vereis het, sou Christus nie *in* die water gestaan het nie en “baie water” sou dus nie nodig gewees het om Hom te doop nie. Johannes kon maklik 'n emmer of watersak gebruik het. Die Griekse woord vir doop wat in beide Mattheüs en Johannes se weergawes gebruik is, is *baptizo* wat beteken *onderdompeling* of *onder water sit*. Let daarop dat God nie die Griekse woorde wat “besprinkel” of “uitgiet” beteken, geïnspireer het nie.

Die doop simboliseer die begraving van die ou, sondige self in 'n watergraf. Die opkoms uit die water verteenwoordig ons opwekking as 'n nuwe mens wat 'n nuwe lewe sal lei – 'n lewe waar sonde nie langer ons lewens sal reël nie (Romeine 6:3-6). God verwys in werklikheid na bekeerde Christene as 'n “nuwe skepping” in Christus (2 Korinthiërs 5:17, Nuwe Lewende Vertaling). Paulus verwys ook na die doop as “die bad van die wedergeboorte” (Titus 3:5). 'n Christen se doop beeld Christus se dood en opstanding uit (Romeine 6:1-

6). Die ou, sondige mens “sterf” en is begrawe in die watergraf, sonde is weggewas en die persoon kom tevoorskyn as 'n veranderde, nuwe persoon. Die handeling en simbolisme van doop is *uiters belangrik* vir God.

Waarom moet Christene gedoop word?

Waarom moet 'n ware Christen gedoop word? Waarom is slegs “gee jou hart aan die Here” nie genoeg vir redding nie? Daar is verskeie redes.

Die **eerste en belangrikste** rede is dat God die doop *beveel* het en 'n voorbeeld gegee het dat dit gedoen moet word. Een van Christus se laaste opdragte aan Sy Apostels was: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en *doop* hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (Mattheüs 28:19-20). Jesus Christus, die ware Seun van God, het Sy Apostels beveel om dissipels uit alle nasies te maak en hulle te *doop*. Ons het vroeër gelees van Petrus se opdrag aan die skare: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes (Handelinge 2:38). Christus het ook *gekies* om in die Jordaanrivier gedoop te word volgens Sy Vader se wil, as 'n voorbeeld vir ons (Mattheüs 3:13-15).

'n **Tweede rede** om gedoop te word, is omdat ons *nodig* het

om gedoop te word want ons het *God se vergifnis nodig*. Ons lees “... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Romeine 3:23). Verder: “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie” (1 Johannes 1:8). Ons sondig almal en ons verdien die dood – “Want die loon van die sonde is die dood” (Romeine 6:23). Omdat ons sonde doen, benodig ons God se vergifnis en verlossing van die doodsvonniss wat oor ons hang. Wat is egter sonde? Sonde is **wetteloosheid** (1 Johannes 3:4). Voordat ons gedoop word, moet ons in ons diepste wese besef dat ons onself van ons vorige verwerping van God se Wet in ons lewens moet distansieer.

Christus het Sy bloed gestort sodat ons vergewe kan word nadat ons ons bekeer het van ons sondes. Sonder fisiese doop kan ons sondes egter nie “weggewas” word nie. Let daarop, Petrus het nie gesê: “Gee net julle hart aan die Here sodat julle sondes vergewe kan word nie”. Hy het gesê: “*Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word*” (Handelinge 2:38). Deesdae bestaan daar verwarring oor die begrip om mens se lewe aan die Here te gee. Baie mense glo dat as jy eers Christus as jou Redder erken het en 'n “liefde” vir Hom bely het, dan is geen ander handeling nodig om in God se Koninkryk te kan ingaan nie. Nogtans, om “mens se hart werklik aan die Here te gee”, behels algehele onderwerping van 'n mens se eie wil aan God,

gevolg deur 'n bereidwilligheid om 'n lewe heeltemal “in ooreenstemming” met God se wil en Sy reëls te leef. Die “wegwassing” van sondes vereis die handeling wat God beveel: **Opregte bekering** van sondes en die **begrawing** van die ou, sondige self deur waterdoop, sowel as aanvaarding van Christus as ons persoonlike Redder en waaragtige onderwerping van ons denke en wil aan God.

'n **Derde rede** waarom Christene nodig het om gedoop te word, is omdat ons tydens die doop ons verbind tot God se lewenswyse. Ons kan nooit redding “verdien” nie. Nogtans verwag God van 'n **ware** Christen om hom daartoe te verbind om so 'n lewe te leef dat dit die manier waarop Jesus Christus geleef het, weerspieël (Efesiërs 4:1). Ons moet “vrugte dra wat by die bekering pas” (Lukas 3:8) en optree soos God van ons verwag. Die doop dui 'n *tydstip* aan van wanneer af ons vorentoe gaan as 'n *nuwe persoon*. Die apostel Paulus het geskryf: “Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus” (Filippense 3:14). Hy het ook sy uitreiking vorentoe na sy doel – die Koninkryk van God – gedemonstreer. Hierdie uitreiking vorentoe het met Paulus se doop begin en het nie opgehou voordat hy dood is nie. Netso kenmerk ons doop 'n fisiese beginpunt, 'n *tydstip* in ons lewe toe ons onself ten

volle verbind het om te leef volgens God se lewensweg, 'n *tydstip* van wanneer af ons geestelike groeiproses gemeet word.

Jesus Christus het dit duidelik uitgespel wat Hy en die Vader van ons verwag: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!” (Mattheüs 7:21-23). Christus **wil hê** dat ons Hom moet liefhê en Hom as ons Redder moet aanneem. Hy verwag ook van ons om gehoorsaam te wees en dinge te *doen* volgens *God se manier*, indien ons Hom *werklik* liefhet.

Deur die doop begrawe ons simbolies ons ou, selfsugtige self in 'n watergraf en kom op as 'n “nuwe mens” (Romeine 6:1-6). Hierdie handeling demonstreer ons verbintenis om te lewe volgens God se lewenswyse, fisies, verstandelik en geestelik. Deur ons van ons sondes te bekeer, belowe ons God dat ons sal “wegdraai” van sonde en ons lewens volgens Sy manier en Sy wil sal leef. Hierdie voortdurende proses van bekering behels ons strewe daarna – met God se hulp – om op te hou sonde doen. Ons sal nie langer doelbewus die Tien Geboie verbreek nie. Ons sal

met vreugde die sewende-dag Sabbat onderhou en die jaarlikse Heilige Dae van Levitikus 23, en ons sal daarna streef om God op elke moontlike manier te gehoorsaam. (Om meer te leer oor die lewensnoodsaaklike geestelike beginsel van bekering, vra asseblief ons gratis herdrukte artikel, “*The Missing 'R' Word: Repentance!*” aan). Hierdie handeling sal ons verbintenis tydens doop aan God demonstreer.

'n **Vierde rede** waarom Christene die doop nodig het, is omdat ons daarsonder nie in die Koninkryk van God kan ingaan nie. Die Bybel stel dit baie duidelik dat, tensy ons gedoop word en die gawe van die Heilige Gees ontvang, ons nie in die Koninkryk van God kan ingaan nie. God het Johannes geïnspireer om te skryf: “Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, *kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie*” (Johannes 3:5). Hy het Markus ook geïnspireer om te skryf: “Hy wat glo *en hom laat* doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word” (Markus 16:16). Ten einde uiteindelik gered en die Koninkryk van God te kan ingaan, **moet** ons eerstens glo *en dan* gedoop word. Sonder die aanvanklike stappe van geloof, bekering **en** doop, is dit onmoontlik om eendag gered te word en die Koninkryk van God in te gaan. *Die Bybel is hieroor baie duidelik!*

'n **Vyfde rede** waarom Christene die doop benodig, is

Vervolg op bladsy 15

Vrae & Antwoorde

VRAAG: Ek het gelees dat God nie sonde se gebede sal aanhoor nie. Aangesien almal gesondig het en dit hulle ontbreek aan die heerlijkheid van God, hoe is dit moontlik dat God enigiemand se gebede kan hoor?

ANTWOORD: Die sobere waarheid is dat sonde – die verbreking van God se Wet – ons **wel** van God afsny. Sedert Adam en Eva, **het almal** inderdaad gesondig en ontbreek dit hulle aan die heerlijkheid van God (Romeine 3:23). Die profeet Jesaja het aan die Israeliete gesê “julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie” (Jesaja 59:2; Johannes 9:31; Spreuke 28:9). Hoe kan God ons dan hoor? Let op Jesaja se antwoord:

“Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jesaja 55:6-7).

Vir gebede om aangehoor te word, moet 'n mens God **soek** deur weg te draai van sonde. Sonde is die verbreking van God se geestelike Wet – die Tien Gebooe (1 Johannes 3:4). Aangesien die vleeslike denke in opstand is teen God se heilige, regverdige wette, ervaar Christene dikwels 'n innerlike stryd (Romeine 8:6). Die apostel Paulus beskryf hierdie stryd deur uit te roep: “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?” (Romeine 7:24). Sy antwoord? “Jesus Christus onse Here!” (vers 25).

Wanneer ons ons bekeer, draai ons 180° en kyk na God. Met bekering kom 'n weersin teen sonde en 'n hartroerende verandering van denke. Deur God se genade sien bekeerde mense hul eie hulpeloosheid en hul onontkombare behoefte aan geloof in Jesus Christus. Daardie geloof in Christus en Sy gestorte bloed reinig die gewete van dooie werke (Hebreërs 9:11-14) en open vir ons direkte toegang tot die Vader.

“Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur

besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water” (Hebreërs 10:19-22).

Opregte bekering beteken **algehele onderwerping** aan Jesus Christus – bekering van gedagtes sowel as van dade! Mens moet Jesus Christus **werklik aanneem** – nie slegs oppervlakkig nie, maar **innig** as Here, Meester en binnekort, Koning. Ware bekering beteken dat ons Sy **wil**, nie ons eie nie, ons lewensprioriteit maak.

God verhoor **wel** die gebede van diegene wat Hom werklik **soek**, hul van hul sondes **bekeer** en na Hom wend. Kyk na die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Lukas 18:9-14). Diegene wat in opstand kom, God ignoreer en nooit verander nie, sal eenvoudig **nie** gehoor word nie! Hul sondes is 'n skeidsmuur wat hulle van God afsny. 'n Ware boetvaardige gesindheid maak dat God hoor (Psalm 34:16). God belowe: “Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord” (Jesaja 66:2).

Sondig Christene nog – *selds nadat hulle gedoop is?* Ja! “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie” (1 Johannes 1:8). God kyk egter na die **hart** om te sien wat die bedoeling is. Voor bekering is die menslike hart verhard in misleiding en opstand teen God. Na bekering sondig die meeste Christene uit swakheid of agtelosigheid, maar berou inspireer die groeiende Christen daartoe om tot God uit te roep vir vergifnis en krag om te oorwin. Baie Skrifgedeeltes verduidelik dat bekering 'n **groeiproses** is – dat ons moet “*toeneem* in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” (2 Petrus 3:18).

Sny sonde, *ná* bekering, ons ook nog soos voorheen van God af? Alle sondes waarvoor ons **nie** berou het nie, verhoor **wel** dat ons gebede verhoor word (1 Petrus 3:7). Nogtans: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregthede te reinig” (1 Johannes 1:9). As ons berou het oor ons sondes en ons aan God onderwerp, kan en sal ons gebede verhoor word! **W&M**

Profesie neem

Godsdien se misleide herders!

Glo dit of nie, sommige van die *sterkste profetiese aanklagte* wat in die Bybel gevind kan word, is gerig teen die *eindtydse geestelike leiers van die Israelitiese nasies* – wat nie slegs die Jode van die hedendaagse nasie van Israel insluit nie, maar ook Amerika, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, Groot Brittanje en ander noord-westelike Europese nasies wat daarop aanspraak maak dat hulle “Christene” is. Die *redes* vir hierdie kragtige veroordelings van geestelike leiers was reeds al vir meer as 'n dekade *prominent in nuusopskrifte*. Vir enigeen met oë om te sien en ore om te hoor, *neem* antieke Bybelprofesië *vandag gestalte aan!*

Verskeie waarskuwings!

Jesus het ons duidelik geleer dat Christene moet leef volgens “elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mattheüs 4:4). Hy bestraf geestelike leiers van Sy dag want hulle “nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af ... *tevergeefs* vereer hulle My *deur leringe te leer wat gebooie van mense is*” (Mattheüs 15:8-9). Jesus het ook gewaarsku dat baie mislei sal word deur predikante wat valslik op Christus se outoriteit aanspraak maak aan die einde van die tydvak (Mattheüs 24:5).

Christus se sterk stellings oor misleide eindtydse geestelike leiers word ook deur Sy dissipels herhaal. Die apostel Paulus het gewaarsku dat “*in die*

laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees ... lasteraars ... sonder liefde vir die goeie ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God ... *wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af*” (2 Timotheüs 3:1-5). Die apostel Petrus het gewaarsku dat vals leraars “*verderflike ketterye heimlik sal invoer ... om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word ... Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal*” (2 Petrus 2:1-15). Die apostel Judas het gewaarsku aangaande “*goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid*” (Judas 4). Ons is vandag besig om te sien hoe dit gebeur!

Geestelike leiers haal hoofopskrifte

Onlangs het 160 *geloofsleiers* in die staat van Iowa 'n dokument aan die staat se wetgewers voorgelê waarin hulle hulle ondersteuning vir dieselfde-seks “huwelike” verklaar. Verlede jaar het die Voorsittende Biskop van die Evangeliese Lutherse Kerk in Amerika – wat daarop aanspraak maak dat “God nog steeds met ons praat” – by Lutherane aangedring om 'n meer “moderne” siening oor seksuele oriëntasie te oorweeg, want “*dit lyk nie of die begrip wat ons vandag van homoseksualiteit het, in die konteks van die Bybelse skrywers gereflekteer word nie*” – met ander woorde, die Bybel is nie sy

kerk se finale gesag nie! (Associated Press, 8 Desember 2009). Hy het voorgestel dat as meer homoseksueel-vriendelike beleide gevestig word, dit die kerkverband mag help om te groei – in weerwil van die feit dat hierdie einste beleide baie gelowiges wegdryf!

Terwyl Baptiste kerke in Amerika worstel met die saak, het leiers van die Presbiteriaanse Kerk (VSA) gestem ten gunste daarvan om homoseksuele tot die bediening toe te laat. Een andersdenkende pastoor het egter met 'n “*diep gevoel van hartseer*” gesê dat die saak nie daarvoor gaan of 'n persoon 'n homofiel is nie. Veel eerder gaan die saak “*oor die gesag van die Skrif ... die skending van die leringe van die Skrif en ons belydende geskiedenis en plaas die kerk in 'n posisie waar dit sigself moet aanpas by 'n kultuur wat vereis dat toestemming verleen moet word vir optredes en lewenswyses wat, terwyl dit selfbevredigend is, nie Bybels toelaatbaar is nie*” (Charlotte Observer, 26 Februarie 2009).

'n Aantal jare na die goedkeuring van die verkiesing van 'n openlik praktiserende homoseksuele biskop in *New Hampshire*, het die leiers van die Episkopale Kerk V.S.A. die eerste vrou in die geskiedenis verkies om voor te sit oor hulle kerkverband. Hierdie besluite het baie lidmate van die Episkopale kerk in die V.S. en oorsee *erg aanstoot gegee*, wat die handeling van hulle leiers gesien het as 'n “*blatante minagting van die Skrif*” (Charlotte Observer, 19 Junie

gestalte aan

2006). Hierdie besluite *ignoreer en skend* duidelike Bybelse opdragte oor homoseksuele gedrag (Levitikus 18:22, 20:13; Romeine 1:24-28) en die rol van vroue in die Kerk (1 Timotheüs 2:12). Die daaropvolgende stryd tussen leiers wat die Skrif wil volg, en leiers wat “*verder wil gaan*” as dit, dreig om die denominasie te verdeel en te vernietig! Soos die pastoor van 'n gemeente in *Virginia*, waar George Washington eens op die kerkraad gedien het, staaf: “Die Episkopale skip is in die moeilikheid!” (*ibid.*, 17 Desember 2006).

In Brittanje is die storie baie dieselfde. Verlede jaar het die leiers van die Kerk van Skotland gestem ten gunste van die aanstelling van 'n openlik homoseksuele predikant – en daardeur “bewys gelewer” dat dit “'n moderne kerk vir 'n moderne Skotland” is (*BBC News*, 24 Mei 2009). Teenstanders besef egter dat hierdie optrede die Kerk van Skotland en die Anglikaanse Gemeenskap wat 77 miljoen lede sterk is en waarvan dit deel is, verder gaan verdeel. Die Aartsbiskop van Kantelberg, die hoof van die Kerk van Engeland, het ook lidmate van sy kudde verleë en kwaad gemaak deurdat hy “verskoning gevra het” vir die pogings van sendelinge om die kerkliedere en tradisies van sy geloof onder ander mense regoor die wêreld te versprei en het dit as “sonde” bestempel. Een teleurgestelde Britse rubriekskrywer het die kerkvors aangevat en gesê: “Die kumulatiewe effek van al hierdie kruipery en verskoning vraery is dwaas en gevaarlik ... U

Hoogheid, wys 'n bietjie karakter en *verdedig* die tradisies waarop u erfenis gebou is” (*Daily Mail*, 3 November 2005). In navolging van hierdie neiging het selfs sommige konserwatiewe Joodse geleerdes begin om hulle verbod op die verordening van homofiele te verslap – “*die omkering van duisende jare se voorbeeld*” (*Charlotte Observer*, 7 Desember 2006).

Leuens en roekeloosheid!

Min verslaggewers of kommentators verstaan die *ware betekenis* van “progressiewe” geestelike leiers wat openlik Bybelse gesag verwerp. Dosyne Bybelse profesieë het *egter hierdie dinge voorsien wat aan die einde van die tydvak gebeur* – net voor Jesus Christus se wederkoms na hierdie aarde. Die profeet Jeremia het die Israeliete gewaarsku: “Die priesters ... die wat die wet handhaaf, *het My nie geken nie*” (Jeremia 2:4, 8), en ook: “Hulle het die *HERE verloën* ... en die profete sal wind word; ja, die Woord is nie by hulle nie ... Die profete profeteer *vals* in my Naam; *Ek het hulle nie gestuur en hulle geen bevel gegee en met hulle nie gespreek nie*” (Jeremia 5:12-13, 14:13-14). In 'n veelomvattende beskuldiging, het Jeremia bekend gemaak: “*Wee die herders wat die skape van my weide laat omkom en hulle verstrooi* ... gesigte uit hul eie hart verkondig hulle ... die profete wat leuens profeteer en profete is van die bedrieëry van hulle hart ... hulle [is] daarop bedag om my volk my Naam te laat vergeet ... wat leuenagtige

drome profeteer ... en dit rondvertel en my volk verlei met hulle leuens en hulle grootpraterij ... *aan die einde van die dae sal julle dit duidelik verstaan*” (Jeremia 23).

Die profeet Esegïel het dieselfde kragtige boodskap gelewer! God het aan hom gesê: “... profeteer teen die profete van Israel wat profeteer, en sê aan die wat profete uit hulle eie hart is ... *Wee die dwase profete wat agter hulle eie gees aan wandel* ... Jou profete, o Israel, is soos jakkalse in puinhope ... die *HERE* hulle nie gestuur het nie ... *Omdat julle valsheid gespreek en leuenagtige gesigte gesien het*, daarom kyk, Ek het dit teen julle ... julle [wat] met leuens die hart van die regverdige *droewig* gemaak het ... en die hande van die goddelose versterk het” (Esegïel 13; 34:1-9). Esegïel het uitdruklik gewaarsku: “'n Sameswering van sy profete is in hom, [dit is] soos 'n leeu wat brul, wat prooi verskeur ... *Sy priesters verkrag my wet en onheilig my heilige dinge*” (Esegïel 22:25-26).

Dit is presies wat vandag in die media berig word! Die “progressiewe” idees en beslissings van hedendaagse geestelike leiers – die herders van Israel – *onheilig openlik* die duidelike leringe van die Skrif, ondermyn die geloof van miljoene en dryf opregte mense uit die kerke. Miljoene ander word *mislei deur misleide herders* wie se verskyning en handeling lankal reeds voorspel is deur profesieë wat *vandag besig is om gestalte aan te neem!*

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 15 – Doop: Ritueel of vereiste?

berei om God se doel te demonstreer) aan Christene gegee word ter voorbereiding vir 'n glorieryke lotsbestemming. Die apostel Paulus het dit so gestel: “Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het” (2 Korinthiërs 5:5). Die woord “onderpand” beteken “waarborg”, “paaient” of “goedstaan”. God se Heilige Gees wat gegee word tydens doop na handoplegging deur 'n leraar, is 'n voorloper of 'n paaient van iets baie groter wat nog moet kom – ingang in die geestelike huisgesin van God tydens Christus se wederkoms (Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, vra asseblief vir ons gratis boekie: *U uiteindelijke lotsbestemming!*) Niemand kan in God se Koninkryk en Sy geestelike huisgesin ingaan tensy God se Heilige Gees nie heel eerste gegee is nie. Die Heilige Gees word dan slegs gegee na ware bekering en doop.

Dus, baie jare ná Cornelius, hoe kan ons in ons dag **seker wees** dat hande op ons gelê word deur 'n ware dienaar van Christus? Wat sê die Skrif? Daardie verordening sal uitgevoer word deur 'n manlike persoon (1 Korinthiërs 14:35; 1 Timotheüs 2:12). Hy sal 'n ingeseënde leraar van Jesus Christus wees, of sal optree onder die direkte toesig van so 'n leraar (Handelinge 8:14-19, 19:6; 2 Timotheüs 1:6). Hy sal andere leer en self daarna streef om volgens “elke woord van God” te leef (Lukas 4:4) – insluitende onderhouding van God se

weeklikse en jaarlikse Sabbatte en die Tien Gebooie. Hy sal waarlik onderdanig aan God wees (1 Timotheüs 3:1-7; 4:12-16; Romeine 6:1-6). Ten laaste sal hy “God se plan” duidelik verstaan en dit aktief leer aan diegene wat deur God geroep word (Markus 16:15).

Die opwindende waarheid is dat ons ná bekering, doop en ontvangs van God se Heilige Gees, die deposito van God se Gees in ons het – ons het waarlik die weg begin bewandel van oorwinning wat uiteindelik sal lei tot die Koninkryk van God! “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees” (Openbaring 21:7). Die woord “seun” in hierdie verband beteken ook “kind”. Dus, diegene wat oorwin sal **alle** dinge beërf en *God se kinders* genoem word!

Wat het die apostel Johannes bedoel toe hy geskryf het dat Christene “alle dinge sal beërf”? Kyk rond in hierdie natuurlike wêreld. Kyk op na die sterre in die hemele. Kyk na die berge, die seë, die bome en die riviere. Alles wat gemaak is, behoort aan ons groot Skeppergod. Wanneer ons ook as Sy kinders, alle dinge beërf, sal dit alles ook aan ons behoort! Dit is die plan van ons groot en liefdevolle Vader in die hemel en Sy Seun, Jesus Christus.

Die einde van die saak

God het die Heilige Bybel geïnspireer sodat ons meer van Hom en Sy verwagtings vir ons kan leer. Die Bybel omskryf

duidelik die leerstellings wat God se ware Kerk behoort te glo en beoefen. God *laat ons nie toe* om te kies *watter* aspekte van Sy waarheid ons wil behou nie. *Hy sê nie*: “Jy mag slegs behou wat vir jou gerieflik is, want Ek weet hoe moeilik dit vir jou is” nie. God verwag van ons om Sy wil *te doen* en om volgens “elke woord” van Hom *te leef* (Lukas 4:4). Hy belowe om ons te vergoed vir daardie gehoorsaamheid.

God beveel duidelik dat ons ons moet bekeer en laat doop, ten einde die gawe van die Heilige Gees te ontvang – *indien* ons eendag deel van Sy Koninkryk wil wees. Sonder ware bekering en behoorlike doop kan ons sondes en die straf daarvoor nie weggewas word nie. Ons *moet* “ons hart aan die Here Jesus Christus gee” en onderneem om volgens Sy leerstellings te leef. Om egter te leef soos Hy ons leer, verg ware bekering en die regte manier van doop deur onderdompeling in water. **Jesus Christus Self het die voorbeeld gestel.** Bekering en doop is die *beginpunt* van die weg na die Koninkryk van God. Hulle dui 'n verandering in ons lewe aan, wat selfs ons vriende en familie positief sal beïnvloed en ons uiteindelik sal toelaat om met Christus se wederkoms, God se Koninkryk binne te gaan. God vereis *wel* doop van ware Christene! Vir meer inligting oor hierdie lewensnoodsaaklike onderwerp kan u gerus aanvra vir ons gratis boekie, *Behoort u Gedoop te word?* **WVMI**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

aarde se bevolking bely die naam van Jesus Christus. Nogtans het die apostel Petrus gesê: "... daar is ook **geen ander naam** onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Handelinge 4:12).

U moet verstaan dat – indien u bereid is om die eenvoudige woorde van die Bybel te aanvaar – mense nie waarlik "Christene" is net omdat hulle die "naam" van Jesus Christus bely nie. Die meeste van die hoofstroom godsdienste het **juis dít** gedoen! Hulle heg voortdurend Jesus se naam aan **alle** soorte onbybelse idees en oortuigings. Jesus sê egter duidelik: "En **wat** noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). Weereens verklein Jesus die veld wanneer Hy baie duidelik sê: "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal in daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bese geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. **Gaan weg** van My af, *julle wat die wet van God oortree*" (Mattheüs 7:21-23, NV).

Het u dus eerlik en objektief die tyd afgestaan om te **bewys** wat Jesus Christus ons werklik leer? Is u ook gewillig om te **handel** volgens daardie bewys wanneer dit duidelik en helder in u verstand word? Of is u soos die meeste mense wat bang is om die Waarheid te aanvaar omdat dit hulle familie, vriendskappe, werk of hulle "sosiale aansien" mag affekteer? Is u dalk, onwetend, ietwat soortgelyk aan die Fariseërs van Jesus se tyd? "Want hulle het die **eer** van die mense meer liefgehad as die eer van God" (Johannes 12:43).

Ek weet dat baie van u wat nou hier lees predikante of verskillende soorte godsdienstige leermeesters is. Dit is belangrik vir *u ewige lewe – en vir ons almal* – om die woorde en ondervindinge te verstaan van 'n groot dienaar wat ek gaan aanhaal. Hy was gekonfronteer met 'n soortgelyke dilemma in sy lewe – om gewillig te wees om op te staan vir die **waarheid**, of dit nou

sy professionele of sosiale aansien gaan benadeel of nie. In volume I van sy *Outobiografie*, bl. 528, skryf Herbert W. Armstrong:

Ek weet van evangeliste wat moontlik opreg is in hulle veronderstelling dat hulle God dien – en wat graag vry wil wees om baie waarhede te verkondig wat hulle nou terughou. Hulle redeneer iets soos: "Indien ek verder gaan, en daardie dinge preek, sal ek my lewensonderhoud verloor. Ek sal totaal van die bediening afgesny word. Dan kan ek NIKS verkondig nie. Dit is beter om God te dien deur soveel as moontlik van die Bybelse waarheid te preek, as om verhoed te word om enigiets te preek".

Hulle maak staat op die finansiële ondersteuning van MENSE, of op organisasies van mense. Enigeen in daardie verknorsing is die DIENAAR van MENSE, en NIE van God nie, of hy dit bese of nie.

'n Man het my aangespreek terwyl ek besig was om langs die plattelandse grondpad tussen die Firbutteskool en die Jeansskool te stap in die herfs van 1933.

"Jy sal nie ver kom nie", het hy gesê. "Jy verkondig die regte waarheid van die Bybel. Dit gee mense aanstoot. Die Bybel is soos 'n skerp tweesnydende swaard. Dit sny – dit berispe, korrigeer, wys tereg – mense sal nie daardie soort prediking ondersteun nie! Jy sal nie ver kom nie".

Ek het egter nie op die ondersteuning van MENSE vertrou nie. Indien mense my sou betaal, dan moes ek mense dien. Indien ek God wou dien, dan moes ek geheel en al op God vertrou vir ondersteuning!

Natuurlik werk God deur menslike instrumente. Maar ek moes op God

staatmaak om dit op mense se harte te lê om dié soort prediking te ondersteun wat gehoorsaam is aan Jesaja 58:1, deur "... uit die keel te roep" – my stem te VERHEF en aan die volk hulle SONDES te verkondig!

My vriende, elkeen van ons behoort – diep in ons binneste – waaragtig te **bewys** wat ons glo. God se woord vertel oor en oor aan ons van Satan die duiwel "... wat die hele wêreld **verlei**" (Openbaring 12:9); dat Satan binnekort opgesluit gaan word "sodat hy die nasies nie meer sou **verlei**" nie (Openbaring 20:3); dat Satan die "god" van hierdie teenswoordige tydperk is, wat diegene **verblind** wat nie glo nie (2 Korinthiërs

4:4) en dat Satan vals dienaars het wat 'n "ander Jesus", 'n "ander gees" en 'n "ander evangelie" verkondig (2 Korinthiërs 11:4).

Wanneer die ewige lewe betrokke is, is dit nodig dat ons seker sal wees van dít wat ons glo. Ons moet dus tot God uitroep vir werklike insig. Dan moet ons gewillig wees om die Waarheid te volg – **waarheen** dit ook al mag lei. Met God se hulp, sal elkeen van ons ware geloof en **moed** moet beoefen om dit werklik te kan doen.



Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**